
Mei - Junie 2012

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 11, No. 3 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mei-Jun 2011 *Tomorrow's World*-tydskrif



## Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

# 'n "Lewenswyse"

Miljoene mense sê hulle is op soek na die ware "standaarde" of "waardes". Sommiges beproef verskillende "*new age*"-geloofstelsels, of verskeie idees en teorieë uit die populêre sielkunde. Die meningspeilers sê aan ons dat baie ander eenvoudig net "kies en keur" – deur verskillende idees en praktyke van verskillende gelowe saam te flans om hul eie godsdiens te skep.

Die meeste van hierdie mense wil graag in iets "betrokke raak". Hulle voel dat die hoofstroom kerke waaruit hulle gekom het, nie in daardie behoefte voorsien het nie. Hulle gee te kenne dat leë geloof en leë rituele nie genoeg is om aan hul geestelike behoeftes vervulling te gee nie.

*Nou goed.*

Wat hulle dalk tog nie besef nie, is dat die *werklike* godsdiens van Jesus Christus 'n baie aktiewe godsdiens is. Dit het inderdaad spesifieke standaarde en waardes. Dit is 'n hele "lewenswyse". Trouens, in Handelinge 9:2, het die vervolgsugtige Saulus briewe gevra wat hom sou bemagtig om beslag te lê op enige Christene in Damaskus "sodat as hy mense sou vind wat van die *Weg* was, manne sowel as vroue, hy hulle geboeid na Jerusalem kon bring". Die geïnspireerde skrywer van die boek Handelinge vertel ons van Paulus: "En hy het elke sabbat in die sinagoge gespreek en Jode sowel as Grieke oortuig" (Handelinge 18:4). Aangaande Apollos ook: "... maar nadat Aquila en Priscilla hom gehoor het, het hulle hom by hulle geneem en hom noukeuriger *die weg van God* uitgelê" (vers 26).

In Handelinge 19:9 word ons vertel: "Maar toe sommige hulle verhard en ongehoorsaam was en voor die menigte aanhou kwaadspreek van *die Weg*, het hy van hulle weggegaan en die dissipels afsonderlik geneem en elke dag in die skool van 'n sekere Tiránnus samesprekings gehou". Later weer: "En omtrent hierdie tyd het daar geen klein opskudding met betrekking tot die *Weg* ontstaan nie" (vers 23).

Wanneer die oorspronklike Christenskap betrag word, besef selfs buitestaanders dat hierdie vroeëre volgelinge van Christus oor *baie meer* as 'n leë geloof met uitgediende rituele beskik het. Hulle was "vuur en vlam" vir 'n **weg** van lewe! Die realiteit van die komende Koninkryk van God het passie en ywer aan hulle hele bestaan verleen!

Wat die moderne "soekers" ook nie besef nie, is dat'n lewens**weg** gehelp het om Amerika en Kanada die groot nasies te maak wat hulle

geword het. In Amerika se vroeë jare as 'n nasie, was die Judeo-Christelike etiek – hoe onvolmaak ookal toegepas – 'n reuse skans teen die soort morele verval wat gedurende die afgelope jare ervaar is.

Dit lyk nou of ons halsoorkop voortstorm om selfs die beperkte geestelike insig wat ons as 'n nasie gehad het en die basiese ordentlike lewenswyse wat ons bewandel het, oorboord te gooi. As 'n persoon wat grootgeword het in die Amerikaanse Mid-Weste in die 1930's en 1940's, onthou ek nog goed die byna algehele veiligheid van ons stad en woonbuurt. Bejaarde dames kon in die nag sonder vrees gaan wandel. Klein seuntjies en dogtertjies het in elke woonbuurt reg deur die hele stad "wegkruipertjie" en "blikaspaai" gespeel terwyl dit byna heeltemal donker was. Moord en verkragting was feitlik ongehoord. Baie mense het nie eens die moeite gedoen om snags hulle deure te sluit nie!

Destyds is almal geleer om respek vir gesag te hê en het dit grotendeels uitgeleef. Die Tien Gebooie was in baie skole en openbare plekke ten toon gestel.

Ons het egter vandag die "spoor" **bystergeraak**!

Namate ons as nasies ons gedistansieer het van God en van Sy wette, het die God van

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – 'n "Lewenswyse"**
Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Wat is die "Werk" van God?** 3
Wat behoort die Kerk te doen? Is dit genoeg om die regte dinge te glo, of is daar iets wat ware Christene behoort te doen as 'n gevolg van hul geloof?

**Die raaisel van die huwelik opgelos?** 8
Is die huwelik uitgedien? Is dit selfs toepaslik in ons moderne tyd?

**Vierhonderd jaar van die King James Bybel** 13
Die mees invloedryke boek wat nog ooit in Engels geskryf is, gedenk sy 400ste bestaan hierdie jaar!

**Bemeester stres** 16
Verander u stres na nood? Wonder u hoe u sal voortgaan om by te hou met die druk van die daaglikse lewe en die dolle pas van die wêreld rondom u?

**'n Islamitiese wind** 20
Winde van protes waai oor die Midde-Ooste. Sekere regerings is alreeds omvêrgewerp; ander word geskud tot in hul fondamente.

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

**Profesie neem gestalte aan** 24

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Roderick C. Meredith
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Uitvoerende Redakteur**
William Bowmer
**Besigheidsbestuurder**
J. Davy Crockett, III

**Streeksredakteurs**
Bruce Tyler (Australië)
Gerald Weston (Kanada)
Rod King (Europa)

**Nuusburo**
June Olsen

**Streekskantore**

**VSA:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
www.tomorrowsworld.org

**AUSTRALASIË:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (061) 8 8383 6288
Faks: (061) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 2B9
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**FILIPPYNSE EILANDE:**
PO Box 492
Araneta Center 1135, Philippines
Tel: 63-2-723-0499
Faks: 63-2-414-5349

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Wat is die "Werk" van God?

## Deur Roderick C. Meredith

**Wat behoort die Kerk te doen? Is dit genoeg om die regte dinge te glo, of is daar iets wat ware Christene behoort te doen as 'n gevolg van hul geloof? Te midde van soveel godsdienstige verwarring, het u Bybel die antwoord!**

Miljoene evangelies-gesinde Protestante en selfs baie mense in verskillende "Kerk van God"-groepe raak al hoe meer verward oor die vraag: "Wat **is** die Werk van God"? In 'n toenemend sekulêre tyd, deurdrenk deur 'n gees van eiesinnigheid en opstand teen gesag, het baie mense 'n soort van "elke man vir homself" gesindheid aangeneem, in teenstelling met wat Jesus Christus so duidelik vasgestel het. Nogtans is dit heeltemal **on**bybels en potensieel gevaarlik!

*Hoe so?*

Die rede is dat God se geïnspireerde woord duidelik openbaar dat ons Skepper wil hê dat Sy mense moet *saamwerk* as 'n "liggaam" (1 Korinthiërs 12:12-28). In daardie "liggaam" – gelei deur Christus deur middel van die Heilige Gees – plaas Hy sommiges as A*postels*, sommiges as *profete en* sommiges as *leraars* (vers 28). God se Woord sê tog aan ons, deur die apostel Paulus, Christus Self "het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus; sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring; maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus" (Efesiërs 4:11-15).

Gee ag daarop dat hierdie gawes en verantwoordelikhede gegee is "vir die **werk** *van bediening*" – dat hierdie werk "eenheid" in die Kerk sal bring, sodat diegene wat minder weet, **nie** "soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering" nie. My vriende, u kan nie 'n bediening hê, tensy die Kerk mense "bedien" nie. God het herders en leraars en andere verorden "vir die werk van bediening". Dwase mense mag dink dat hul self kan besluit om "'n leraar te wees" – maar God se weg is duidelik; Hy besluit Self, deur middel van Sy bewese menslike dienaars, wie gekies sal word vir die rolle van diens om Sy Werk te doen. Onthou: "God is **nie** 'n God van wanorde nie, maar van vrede" (1 Korinthiërs 14:33).

*Luister!*

Indien God se geïnspireerde Woord **niks** vir u beteken nie, gaan dan voort en "doen u eie ding"! Indien u **egter** werklik "die vrees van God het" – 'n *diepe eerbied* vir die ware God en Sy Woord – lees dan die volgende met 'n oop gemoed en hart.

**God se opdragte**

Jesus Christus het Sy volgelinge beveel: "Gaan *die hele wêreld in* en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word" (Markus 16:15-16). Hoeveel mense aanvaar nogtans dat hulle God se Werk doen as hulle met een of twee bure praat? Wat dan van die mense wat nie eens ernstig probeer om die ware Evangelie enigsins te verkondig nie? Dink u eerlik, vir een oomblik, dat Christus se opdrag uitgevoer kan word deur gawe en goedgemanierde mense wat net rondsit en met mekaar praat, of wat 'n goeie voorbeeld stel en 'n "lig" is?

Is dit *wat Jesus Christus Self* werklik gedoen het?

*Nee, definitief nie!*

Jesus Christus het eerder gedurig groot skares toegepreek.

Die Skrif beskryf een geleentheid waar Hy bonatuurlik 5,000 mans – buiten vrouens en kinders – gevoed het, wie na Sy geïnspireerde lering geluister het, (Mattheüs 14:14-21). Jesus het **nie** tuis gebly en opgetree as 'n goeie buurman nie. Hy het Homself *voltyds* in Sy bediening gewerp, om die Evangelie te verkondig aan soveel mense as wat Hy moontlik kon bereik! In die dae voor radio en televisie, het dit beteken om te loop en te loop *oor die hele platteland van Judea!* Dit was Sy *geïnspireerde voorbeeld* aan ons vandag. Hy het persoonlik die Twaalf Apostels *opgelei*, saam met ten minste "sewentig ander ... en hulle twee-twee voor Hom uit gestuur na elke stad en plek waar Hy sou kom" (Lukas 10:1). Christus het daarna Sy volgelinge beveel om te bid dat *selfs meer leraars* geroep mag word om die Werk te doen (vers 2).

Later het die apostel Paulus met sy helpers deur die hele Romeinse Ryk gereis – gepreek en die mense geleer van Jesus Christus en Sy boodskap van die toekomstige Koninkryk van God (Handelinge 8:12, 28:31). Paulus het talle sinagoges besoek en elke geleentheid benut om *groot groepe* mense toe te spreek, om sy deel te doen, sodat "alle nasies" in staat kon wees om 'n kragtige getuienis te hoor van die komende Koninkryk van God en God se boodskap van vergifnis deur Jesus Christus (Mattheüs 24:14).

**Liefde beteken om "die beste te lewer"**

Die *geïnspireerde voorbeeld* van Jesus Christus en Sy Apostels toon duidelik dat – **indien** *hulle dit sou kon doen* – hulle sekerlik die geleentheid sou benut om die moderne tegnologie van radio, televisie en Internet aan te wend om die Evangelie aan **alle** *nasies te verkondig*! Indien *ons werklik* ons medemense **liefhet** en hulle graag vandag met God se Waarheid wil bereik, sal ons sekerlik "ons uiterste bes doen" om die moderne werktuie tot ons beskikking te benut, om God se boodskap aan *elke nasie* op die aarde te verkondig!

*Dink!* Hier is ons nét voor die "Groot Verdrukking" – wat Jesus Christus beskryf as die *ergste tyd van beproewing*, moeilikhede, **dood** en vernietiging in die hele menslike geskiedenis (Mattheüs 24:21-22). Dink u dat Christus sou wou hê dat Sy ware dienaars maar net klein "Bybelstudie-groepies by die huis" sou moes hê waar hul met mekaar sit en gesels en sodoende **heeltemal faal** om die hele wêreld so goed hulle moontlik kan, te evangeliseer en deur dit te doen voorkom dat **miljarde** verwarde mense ten minste 'n **getuienis** ontvang van God se naderende Koninkryk om hul te waarsku aangaande hulle dreigende **noodlot**?

Selfs in Spreuke beveel God se Woord ons: "Red die wat na die dood gesleep word, en die wat na die slagbank wankel, hou hulle tog terug! As jy sê: Kyk, ons het dit nie geweet nie! – sal Hy wat die harte toets, dit nie merk nie? En Hy wat let op jou siel, Hy kom dit te wete. En Hy vergeld die mens na sy werk" (Spreuke 24:11-12).

*Ja*, die Almagtige God sal elke individu vergoed "volgens sy **werk**". Vandag is die enigste werklik effektiewe manier om die byna sewe **miljard** mense met God se Waarheid te bereik, via die radio, televisie, die Internet en publikasies. Ware Christene regoor die aarde wil natuurlik graag Christus se opdrag uitvoer om die Evangelie aan die hele wêreld te verkondig. Hulle sal nie tevrede wees om "alleen te sit", afgesonder van die Werk wat die egte Waarheid van die Bybel verkondig en "hul uiterste bes doen" om daardie Waarheid, as 'n getuienis, regoor die aarde te versprei nie. U, lesers van die *Wêreld van Môre*, besef dat in hierdie einste tydskrif ons die Waarheid verkondig – net soos ook in ons *Tomorrow's World* TV-uitsendings en op ons Webtuiste, www.wvm.co.za.

Daar is sekerlik ook ander aspekte verbonde aan die "Werk" van God. Christus het Sy volgelinge beveel om 'n "lig" vir die wêreld te wees (Mattheüs 5:14-16). Ons woorde behoort altyd "met sout besprinkel" te wees (Kolossense 4:6) sodat ons woorde andere na die Waarheid kan lei. Soos die apostel Petrus ons beveel, moet Christene "altyd bereid [wees] om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is, met sagmoedigheid en vrees"

(1 Petrus 3:15).

Enige regdenkende persoon behoort egter te besef dat, hoewel hierdie persoonlike dade van evangelisasie goed en van hulp mag wees, hulle nie eens naastenby begin om die "Werk" van Christus se boodskap aan miljarde verwarde mense regoor die aarde, te verkondig nie. Die miljarde mense wat vandag leef, behoort ten minste 'n "getuienis" van die ware Evangelie oor Christus se naderende Koninkryk, te ontvang (Mattheüs 24:14). Ons in hierdie Werk weet dat ons deur die "deure" moet gaan wat Christus vir ons oopmaak om daardie miljarde mense te kan bereik, wat nie bereik is of dalk nooit bereik sal kan word deur slegs persoonlike evangelisasie nie!

Dit is nie dat klein "Bybelstudie-groepe by die huis" verbied word nie. Bybelstudie by die huis kan met tye baie nuttig wees. In my 58 jaar in Christus se voltydse bediening, het ek egter gevind dat baie van hierdie kleiner groepe dikwels baie oorgeneem of oorheers word deur selfbevorderde, onopgeleide en dikwels ongebalanseerde individue wat snaakse en dikwels eenvoudig onbybelse idees en teorieë bevorder. Dit kan verwag word wanneer hul leiers nie verbind is aan die ware Werk van God nie, wat nie opgelei is nie, en nie gewillig is om hulle te onderwerp, selfs aan ware leraars wat deur God verorden is en die volle Waarheid onderrig nie.

Paulus het die evangelis Titus daarop gewys dat 'n ware Christelike ouderling "een [is] wat vashou aan die betroubare woord wat volgens die leer is, sodat hy in staat kan wees om met die gesonde leer te vermaan sowel as om die teësprekers te weerlê. Want daar is baie wat tugteloos is, wat onsin praat en verleiers is, veral die wat uit die besnydenis is; hulle mond moet gestop word. Hulle keer hele huise onderstebo deur te leer wat nie betaam nie, ter wille van vuil wins" (Titus 1:9-11). Dus, ware leraars behoort "opgelei" te wees net soos Jesus Sy dissipels vir drie-en-'n-half jaar opgelei het. Die apostel Paulus het ook jong manne opgelei, soos Timotheüs (Handelinge 16:1-5), Titus en andere – om saam met hom te werk, saam met hom te reis, hy het aan hulle onderrig gegee en hulle voorberei om hom te help om die Romeinse Ryk te evangeliseer, sover dit in hul vermoë was. Dit is God se voorbeeld. God se Koninkryk sal georganiseerd wees en dit is noodsaaklik dat ons almal leer om ons te onderwerp aan gesag en om saam te werk as 'n "span" – soos ons dit sekerlik sal moet doen vir alle ewigheid!

## God se Regering is georganiseerd!

Hoe onwillig hulle ook al mag wees om dit te erken, baie van die mense wat teësinnig is om werklik 'n noemenswaardige Werk van verkondiging van die Evangelie aan die hele wêreld te doen, is selfsugtig en ietwat introverte of "onafhanklike" individue wat **nie enige iemand wil toelaat** om aan hulle te sê wat om te doen nie! Hulle is dikwels *onwillig* om hulle aan gesag te onderwerp – moontlik omdat hulle in die verlede seergekry het deur die misbruik van sodanige gesag. Hierdie mense is selfs nie bereid om hulle te onderwerp aan regverdige leierskap in die ware Kerk nie, soos God Sy mense lei deur Sy dienaars. Hulle wil **nie** nederig hulle deel doen as lede van 'n georganiseerde "span" nie **–** die *Liggaam van Christus* in hierdie tyd! U Bybel onthul nogtans duidelik dat *elke mens* wat hoop om in Christus se naderende Koninkryk te wees – Sy ware **Regering** wat op hierdie aarde gevestig sal word **–** gewillig **moet** wees om hul aan andere te onderwerp in die Liggaam van Christus! *Bestudeer* asseblief 1 Korinthiërs 6:1-6 daarmee in gedagte!

Let op hoe die apostel Paulus die evangelis Titus "beveel" dat hy "ouderlinge [moet] **aanstel** in elke stad" en dan beskryf hy die kwalifikasies van hierdie ouderlinge (Titus 1:1-9). Paulus verduidelik vervolgens dat die ouderlinge in staat moet wees om die monde te **stop** van "tugtelose" verwarde mense wat onsin praat en net hul *eie sin wil hê* (verse 10-11)!

Die Liggaam van Christus moet inderdaad georganiseerd wees, en die leiers daarvan moet *ware gesag* hê om orde en eenheid van doelstelling te

handhaaf. **Alle** ware Christene moet bereid wees om teregwysing te aanvaar en hul te onderwerp aan gesag. God se geïnspireerde opdrag in die boek van Spreuke herinner ons herhaaldelik aan hierdie beginsel! Kyk na Spreuke 12:1: "EEN wat die tug liefhet, het kennis lief; maar wie die teregwysing haat, is dom". Lees nou Spreuke 13:18: "Armoede en skande is vir hom wat die tug verwerp; maar hy wat die teregwysing in ag neem, word geëer".

Lees aandagtig Spreuke 15:31-33 en mediteer daaroor: "Die oor wat na die teregwysing tot die lewe luister, sal onder die wyse vertoef. Hy wat die tug verwerp, ag sy eie lewe gering; maar hy wat na die teregwysing luister, verkry verstand. Die vrees van die HERE is die tug van die wysheid, en nederigheid gaan die eer vooraf".

Neem asseblief kennis: "... **nederigheid** gaan die eer vooraf". Indien u 'n koning of priester in Christus se naderende Koninkryk wil wees (Openbaring 5:9-10), moet u *uself verootmoedig*, u moet *leergierig wees* en u moet bereid wees om uself te onderwerp aan die *leierskap* wat die lewende Jesus Christus in Sy ware Kerk geplaas het. Hoe anders kan Christus daarop staatmaak dat u werklik gehoorsaam en lojaal aan Hom sal wees dwarsdeur die *hele ewigheid*?

**Samuel en Saul**

Lees weer die verhaal van Samuel en Saul in 1 Samuel 15:1-23. Hier het God Sy menslike kneg, Samuel, gebruik om aan Koning Saul van Israel te sê wat om te doen. Saul het egter probeer om "speletjies te speel" en God se bevel afgewater. Hy het **nie al** die vyande vernietig nie, ook nie al die diere van die Amalekiete soos God hom duidelik *deur Samuel* beveel het nie. God het Samuel dus geïnspireer om te sê: "Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens. Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp" (1 Samuel 15:23).

Die volgende hoofstukke van 1 Samuel wys dat God hierdie bevel ondersteun het en *Saul as koning van Israel verwyder* het. Die grote God *beveel ons* ook om dinge volgens *Sy manier* te doen – **nie** om ons menslike redenasies te gebruik om dit "af te water" of om op een of ander manier die direkte opdrag wat in Sy geïnspireerde woord gegee word, *te systap* nie.

God is besig om 'n **gesin** saam te stel van Gees-gebore kinders wat *hulself al sou bewys het deur 'n leeftyd van gehoorsaamheid* aan God en 'n bereidwilligheid om hulself te onderwerp aan Sy Regering – selfs daardie regering deur mense geadministreer. Hulle sou al geleer het om saam te werk as deel van 'n "span" – en sal gereed wees om saam te werk vir *alle ewigheid*. Dit is *hierdie* soort individu wat homself waarlik onderwerp wat binnekort oor hierdie hele wêreld, onder Jesus Christus in Sy Koninkryk, sal **regeer**!

Ons moet dus nie selfsugtig of in onsself gekeer wees nie. Ons moet leer om saam te werk om God se Werk **te doen –** soos Hy ons beveel. Ons moet dit in liefde en in eensgesindheid *hier en nou* doen ter voorbereiding vir ons deel in Christus se komende Regering. Dit is 'n *lewensbelangrike* deel van ons opleiding as Christene!

God beveel Sy mense in Efesiërs 4:1-6 om daarna te streef om die **eenheid** van die "Gees" te behou en sê: "Dit is **een liggaam** en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping; een Here, een geloof, een doop" (verse 4-5). Liewe leser, u behoort **ten volle te bewys** of u in daardie "een liggaam" van ware Christene is wat getrou daarna streef om God se gebooie te onderhou en Sy Werk te doen!

**God-verordende leierskap**

Die Almagtige God sê aan ons dat **Hy** ware **leiers** in Sy Kerk plaas, in rolle soos apostels, evangeliste en herders. **Hoekom** dan? "Vir die **werk** van bediening" en om *eenheid* in die liggaam van Christus te bring. Eerlikwaar, sonder God se verordende leierskap tussen Sy mense, sal die bevoegtheid om 'n kragtige "Werk" van die prediking van Sy boodskap aan "al die nasies" te doen, eenvoudig nie moontlik wees nie!

God waarsku ons: "Aanskou onder die nasies en merk op, en staan verstom, verstom; want Ek gaan iets in julle dae doen wat julle nie sal glo as dit vertel word nie" (Habakuk 1:5). God is nou besig om **hierdie ware Werk –** hoofsaaklik gelei deur die *Tomorrow's World* TV-program en hierdie tydskrif – as 'n belangrike deel van **Sy** geprofeteerde eindtydse prediking van die ware boodskap van die komende Regering van God, gebaseer op Sy wette en om Sy mense te **waarsku** van die naderende Groot Verdrukking.

As 'n ware leraar van Jesus Christus, het ek, saam met die ander leraars wat deel is van hierdie Werk, sekerlik 'n verantwoordelikheid om die volle Waarheid van God te verkondig, om te help om Sy mense voor te berei om deel te wees van die span op wie die lewende Christus kan staatmaak om lojale lede te word van Sy Regering op hierdie aarde in die Wêreld van Môre. Sal u na God se oproep luister en by ons aansluit om deel te wees van hierdie lewensbelangrike Werk? WvM

# Die Groot Opdrag

## Deur William Bowmer

***"En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen" (Mattheüs 28:18-20).***

Hierdie bekende gedeelte uit die Evangelie van Mattheüs word dikwels die "Groot Opdrag" genoem. Dit vind weerklank in Markus se Evangelie waar ons lees: "En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom" (Markus 16:15).

Te midde van soveel godsdienstige verwarring in ons hedendaagse wêreld, kan hierdie eenvoudige, dog kragtige woorde van Jesus Christus ons help om die Werk van God te verstaan, en ons ook help om te besef dat ons deel is van Sy ware Kerk – die Kerk wat getrou besig is om die dubbele verantwoordelikhede uit te voer deur die ware Evangelie te verkondig en te sorg vir die gelowiges wat God roep as gevolg van daardie verkondiging.

Laat ons eerstens oorweeg: Wat beteken dit om die Evangelie te verkondig? Onthou, die Evangelie – die "goeie nuus" – is Christus se boodskap van die komende Koninkryk van God. Daardie Koninkryk is nie 'n abstrakte gevoel in die hart van die gelowige nie, dit is 'n letterlike Regering wat wêreldvrede sal bring na die planeet Aarde, en sal regeer word deur 'n letterlike Koning – Jesus Christus.

Baie kerke noem Christus "Koning", maar verkondig nie die waarheid oor Sy letterlike heerskappy nie. Indien 'n Kerk die boodskap oor die Boodskapper beklemtoon, en Sy boodskap oor God se toekomstige Koninkryk verdraai of verwaarloos, dan voer daardie Kerk nie die Groot Opdrag uit nie.

Let vervolgens daarop dat Christus Sy Kerk toevertrou het met die taak om nuwe dissipels te leer "om alles te onderhou wat Ek julle beveel het". Hy het nie gesê: "Laat 'n paar van My gebooie uit wat nie meer geldig sal wees in 50 of 100 jaar nie". Hy het nie gesê: "Vervang My opdragte met teenstrydige opdragte van u eie" nie. Indien 'n kerk nie sy lede leer om Christus se opdragte uit te voer nie, vervul dit nie die Groot Opdrag nie, doen dit nie die werk van

*Vervolg op bladsy 26*

# Die raaisel van die huwelik opgelos

## Deur Rod Mcnair

**Is die huwelik uitgedien? Is dit selfs toepaslik in ons moderne tyd? Hoekom tree mense nog steeds in die huwelik, ten spyte van so baie aanslae op hierdie eens kosbare instelling? Die Bybel gee kragtige insig wat u waardering van die huwelik kan verdiep!**

Waarom die huwelik? Wat is die doel daarvan? Dit mag na 'n vreemde vraag klink, maar dink vir 'n oomblik daaroor na. Die huwelik as 'n instelling *is* 'n raaisel vir baie mense. Sekerlik trou baie mense elke jaar – die Verenigde State van Amerika lei die wêreld in die jaarlikse getal huwelike (asook in die aantal egskeidings). Meer as 90% Amerikaners sal op een of ander stadium in hul lewens trou.

*Waarom* trou mense dan? Dit blyk asof baie getroude pare nie regtig weet *waarom* hulle getrou het nie. Moontlik is dit die rede waarom so baie Amerikaanse huwelike – ongeveer 50% – misluk. 'n Man en vrou kon moontlik oor die algemeen voel dat hulle mekaar lief het, of hulle het dalk gevoel dat dit die "regte ding" was om te trou. Delf hulle egter dieper as dit? Miskien is een rede waarom so baie mense verkies om nie te trou nie, omdat hulle verward is oor die doel daarvan.

Vanaf 1970 tot 1994, het die aantal ongetroude paartjies wat saam woon in Amerika met bykans 550% toegeneem. Teen 2007 was buite-egtelike geboortes, vir die eerste keer in die Amerikaanse geskiedenis, 40% van alle geboortes. Hierdie tendense is egter nie slegs beperk tot die Verenigde State van Amerika nie. In *baie* hedendaagse Westerse nasies is die huwelik aan die afneem. "Die huwelik is aan die afneem in groot dele van Noord-Europa, vanaf Skandinawië tot Frankryk ... [In 2005] was 59% van alle Franse eers-gebore kinders gebore van ongetroude ouers, die *meeste daarvan uit eie keuse, nie per toeval* nie" ("*L'amour without marriage*", Molly Moore, *Washington Post*, 21 November 2006). In Engeland, Frankryk en Amerika gaan "saamwoon in ongeveer die helfte of meer van alle gevalle, gewoonlik die huwelik vooraf. In Swede is saamwoon besig om die norm te word; sowat een-derde van alle paartjies woon saam in stede daarvan om te trou" (*The Marriage Problem*, James Q. Wilson, bll. 3-4). Skrywer Glenn Stanton het opgemerk dat paartjies wat trou nadat hulle eers saamgewoon het, 'n 80% hoër kans het om te skei as diegene wat nie voor die huwelik saamgewoon het nie (*Why Marriage Matters*, bl. 59).

Selfs baie mense wat hulself Christene noem, is verward oor die ware grondslag van die huwelik. Selfs in die godsdienstige wêreld, is die skakel tussen die huwelik en die Bybel heeltemal te los van mekaar: "Sonder 'n teoretiese raamwerk om oor die huwelik te dink, sal die skatkamer van die handelinge rakende die huwelik grootliks verarm wees ... **Protestante, veral evangeliesgesindes, het 'n psigologie van die huwelik, maar geen teologie nie**" (Stanton, bl. 173).

Dus, wat *is* die doel van die huwelik? Het u Bybel die antwoorde? Die bemoedigende en duidelike antwoord is: *Ja!*

### In die begin was die huwelik

Die huwelik as 'n instelling het *nie* oor miljoene jare van natuurlike seleksie ontwikkel, soos sommige mense ewe dwaas aanvaar nie. Dit was op 'n spesifieke tyd in die geskiedenis geskep, terwyl slegs twee mense bestaan het – 'n man en 'n vrou. Let op wat Genesis sê aangaande die eerste man en vrou: "Toe het die HERE God 'n diepe slaap op die mens laat val ... En die HERE God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot 'n vrou en bring haar na die mens" (Genesis 2:21-22).

Daar was geen groot bal, swart tuxedo of slepende bruidsgewaad nie – maar daar was die eerste huwelik. Adam en

Eva was bymekaar gebring om man en vrou te wees. Hoekom dan?

God het Adam en Eva beveel om "een vlees" te word. "Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees" (Genesis 2:24). Hulle moes eksklusief seksuele intimiteit met mekaar hê, wat nie met ander gedeel is nie. Dit is die getroue, totdat-die-dood-ons-skei huwelik wat God ingestel en geseën het (Hebreërs 13:4).

Was die skeppingsverhaal 'n mite, soos baie mense vandag aanvaar? Nie volgens Jesus Christus wat die Bybelse verslag as 'n feit behandel het toe Hy omtrent die huwelik geleer het nie: "Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie, en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees; **sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie**" (Mattheüs 19:4-6).

Wat beteken dit egter om "een vlees" te wees? Het dit net betrekking op die seksuele eenwording van 'n man en vrou?

## Waarom "een"?

Jesus Christus verduidelik dat die opdrag om "een vlees" te wees veel verder strek as net die seksuele daad. Dit beskryf 'n man en vrou wat saam werk om 'n ryk en betekenisvolle lewenslange doel te bereik. Dit beteken dat hulle "een" moet wees in 'n wedersydse vennootskap wat gebou is om die storms van die lewe te kan weerstaan. Christus se visie van 'n huwelik is dié van 'n toegewyde man en vrou wat in harmonie saamwerk, terwyl hulle die laste en vreugdevolle ervarings van die lewe deel.

Selfs meer ongelooflik, is dat die eenheid tussen 'n man en vrou bedoel is om die eenheid tussen God en Christus, en die eenheid wat die verheerlikte heiliges na die opstanding sal ervaar, uit te beeld. Net voor Sy kruisiging het Jesus hierdie woorde gebid: "Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo **– dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U**; dat hulle ook in Ons een mag wees" (Johannes 17:20-22). 'n Man en vrou behoort daarna te streef om – hoe onvolmaak ookal – die liefde en eenheid wat God en Christus in hulle harmonieuse verhouding met mekaar het, te weerspieël. Mans en vrouens behoort daarna te streef om werklik onbaatsugtig te wees in hul optrede teenoor mekaar; terwyl elke gade leer om die ander een lief te hê – hul naaste naaste – soos hulself (Mattheüs 22:39).

God wil graag hierdie "eenheid" in getroude paartjies sien – vir die voordeel en welsyn van die egpaar sowel as vir die grootmaak van goddelike kinders.

## Die huwelik: Goed vir mans sowel as vrouens

In die Bybel beskryf die apostel Paulus sommige van die mees insiggewende aanhalings aangaande die huwelik. Waarom het God die huwelik ingestel? Paulus verduidelik: "Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees word. **Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente**" (Efesiërs 5:31-32). Paulus leer ons dat die rolle van mans en vroue in die huwelik 'n daaglikse herinnering moet wees – op 'n klein, fisiese manier – van die verhouding wat Jesus Christus met Sy Kerk sal hê vir alle ewigheid.

Waarom sien sommige mense dan die huwelik as 'n middel om te onderdruk? As dit volgens God se manier beoefen word, was dit nooit so bedoel nie. Moderne navorsers ontdek nou wat baie gelukkige getroude paartjies baie lank al intuïtief weet: "Die veronderstelde 'slawerny' van hierdie historiese en eerbare instelling is nie so skadelik vir al die betrokkenes as die 'vryheid' van ons huidige sedes nie" (Stanton, bl. 12). Navorsing het gereeld getoon dat die huwelik 'n algemeen positiewe uitwerking het op 'n man en vrou se welstand. "Mense wat getroud is, het nie net 'n hoër inkomste en geniet groter emosionele ondersteuning nie, hulle is geneig om gesonder te wees.

Getroude mense leef langer as ongetroudes, nie net in die Verenigde State nie, maar ook in die buiteland" (Wilson, bl. 16).

Om die voordele van 'n suksesvolle Christelike huwelik te geniet, kos toewyding en opoffering. Dit vereis dat beide mans en vrouens die verantwoordelikhede aanvaar en die rolle vervul wat God bepaal het vir huweliksukses. Paulus beveel baie duidelik wat die man se plig in die huwelik is: "**In alle geval moet elkeen van julle ook afsonderlik sy eie vrou liefhê net soos homself**" (Efesiërs 5:33).

Manne, wat beteken "**sy eie vrou liefhê**" vir u? Die Skrif sê aan 'n man om sy vrou te koester en te versorg – om haar te beskerm, voorsiening te maak vir haar en haar te ondersteun, nie om haar af te kraak of te verkleineer nie. Dit is natuurlik maklik om te doen wanneer die vrou van nature goed, bedagsaam en ondersteunend is, en as sy mooi lyk – nie waar nie? Wat dan daarvan as sy 'n besondere slegte dag gehad het? Paulus plaas geen beperkings op die opdrag nie – hy beveel mans om hul vroue lief te hê en te koester in die slegte oomblikke sowel as in die goeies. Mans moet poog om hul vroue lief te hê, selfs wanneer dit nie maklik is om hul lief te hê nie. Dit is wat dit verg om die harmonie, eensgesindheid en "eenheid" wat God verlang, te bereik. Wees lief vir haar, selfs wanneer sy kortaf met u is; selfs wanneer sy "omgekrap" is. Na alles, "God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was" (Romeine 5:8), en mans behoort die self-opofferende aard van Jesus Christus in hul eie huwelike te weerspieël.

Vroue, wat is u rol en verantwoordelikhede? Paulus verduidelik, "**en die vrou moet die man eerbiedig**" (Efesiërs 5:33). Dit mag dalk ouderwets en naïef klink, maar Paulus dring daarop aan. Wat beteken "eerbiedig u man"? Dit beteken om sy goddelike leiding te volg. Dit beteken om aan hom eer te bewys, nie net wanneer dit maklik is om hom te respekteer en te bewonder nie, maar ook wanneer hy geïrriteerd of kwaad, moeg of selfsugtig is. Dit beteken nie word 'n "deurmat" of om mishandeling te aanvaar nie. Dit beteken egter om te leer om sy besluite te aanvaar selfs wanneer hulle nie ooreenstem met u eie nie, om hom te ondersteun eerder as om hom te ondermyn, te bespot of om hom te beledig. Let daarop dat, net soos vir mans, Paulus geen voorbehoud stel op sy opdrag aan vroue nie – die opdrag is om haar man te respekteer in sy swakker oomblikke sowel as in sy goeies. Ja, dit is soms 'n uitdaging! 'n Wyse en bedagsame vrou sal nogtans alles in haar vermoë doen om haar man te ondersteun en op te bou, nie om hom af te breek nie (Spreuke 14:1). Sy sal 'n lewensdoel daarvan maak om hom te help om sukses te bereik en met liefde, deernis en genade teenoor hom op te tree (Spreuke 31:26).

Vroue, is julle mans volmaak? Natuurlik nie! Indien u tóg kan leer om u nou aan 'n onvolmaakte man te onderwerp, sal u hom help om te leer om die bedagsame en ondersteunende man te wees wat u graag wil hê en nodig het. Baie belangrik ook, u sal aan u volmaakte Verlosser kan bewys dat u ook bereid sal wees om Jesus Christus se leiding te volg, as die "bruid ... die vrou van die Lam", vir alle ewigheid (Openbaring. 21:9).

**Die huwelik: Goed vir kinders**

Die "eenheid" in 'n goddelike huwelik hou ook voordele in vir kinders. Ons lees dat "... die HERE getuie is tussen jou en die vrou van jou jeug aan wie jy ontrou geword het, terwyl sy tog jou metgesel is en die vrou van jou verbond. Het Hy dan nie een *mens* gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? **En waarom die een? Hy het 'n geslag van God gesoek.** Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou aan die vrou van jou jeug nie" (Maleagi 2:14-15).

Ja, 'n man en vrou wat 'n liefdevolle en toegewyde verhouding deel, is in staat om 'n stabiele en veilige omgewing vir die volgende geslag te voorsien. Toe God die eerste paartjie saamgebring het as man en vrou, het Hy aan hulle hierdie opdrag gegee: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit" (Genesis 1:28). God wou hê dat die mense kinders hê, en vermeerder tot families, stamme en nasies.

God het reeds duisende jare

gelede geweet wat maatskaplike wetenskaplikes nou ook konsekwent bevestig: Die instelling van die huwelik is die beste omgewing vir die opvoeding van kinders. “Hulle is minder geneig om onwettige dwelms te gebruik, minder geneig om te druip, minder geneig om die skool te verlaat, minder geneig om selfmoord te pleeg, minder geneig om in armoede te verval, minder geneig om jeug-misdadigers te word en vir die meisies, minder geneig om tienermoeders te word. Hulle is beide emosioneel en fisies gesonder selfs dertig jaar later – as diegene wat nie so geseënd was met tradisionele ouers nie” (*Marriage Under Fire*, Dr. James Dobson, bl. 54).

Alhoewel sommige mense probeer om dit te ontken, is daar kragtige getuienis dat kinders geweldig bevoordeel word wanneer hulle grootword in 'n huishouding waar beide vader en moeder teenwoordig is. *American Enterprise Institute* se navorser Karl Zinsmeister rapporteer: “Daar is 'n berg wetenskaplike bewyse wat toon dat wanneer gesinne verbrokkel, kinders dikwels gelaat word met intellektuele, fisiese en emosionele letsels wat lewenslank voortduur ... Ons praat oor die dwelmkrisis, die onderwyskrisis, die probleem van tienerswangerskap en jeugmisdaad. Al hierdie euwels kan hoofsaaklik teruggespoor word na een bron: Gebroke gesinne” (Stanton, bl. 100).

Verseker toon baie kinders merkwaardige aanpasbaarheid en is in staat om baie moeilike uitdagings wat die lewe op hul pad bring te oorwin. Baie ouers wat hulle in minder-as-ideale omstandighede bevind, doen die heel beste in hulle vermoë om 'n veilige en positiewe tuiste vir hul kinders te voorsien. Dit verminder egter nie die feit dat daar **geen bewys is** ter ondersteuning van die agenda van diegene wat wil voorgee dat “alternatiewe” woonreëlings gelykstaande of beter is as die tradisionele gesin nie.

**Die uiteindelike doel: 'n Geestelike gesin!**

God wil beslis hê dat mans en vrouens vervulde lewens moet lei en kinders in 'n gesonde, twee-ouer gesin opvoed. U Bybel onthul egter eintlik nog 'n groter doel vir die huwelik. Mans en vroue is nie net besig om fisiese gesinne te bou nie, hulle beeld God se plan uit om 'n geestelike gesin te bou!

God word ons “Vader” in die hemel genoem (Mattheüs 6:9). As ons Vader, bied Hy aan die mens geestelike kindskap en sê: “Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige” (2 Korinthiërs 6:18). Die apostel Paulus verduidelik verder hierdie gesinsverhouding: “... van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang” (Efesiërs 3:14-15).

Wie is bevoeg om deel van die Godgesin te wees? Nie die diere nie. Selfs nie eens die engele nie. “Want aan wie van die engele het Hy ooit gesê: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer? en weer: Ek sal vir Hom 'n Vader wees, en Hy sal vir My 'n Seun wees? En wanneer Hy weer die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy: En al die engele van God moet Hom aanbid” (Hebreërs 1:5-6). Wonder bo wonder, uit God se hele skepping, het **net** mense die ontsagwekkende potensiaal om geestelike seuns en dogters van God te word! Net soos 'n menslike vader fisiese kinders verwek deur middel van sy fisiese “saad”, so verwek ons hemelse Vader geestelike kinders deur Sy Gees. “Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God” (Romeine 8:14). Eweneens: “Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is” (vers 16).

Nadat hulle deur ontvangs van die Heilige Gees verwek is, sien vandag se Christene daarna uit om in God se Gesin “gebore” te word tydens die opstanding, soos Christus aan Nikodémus verduidelik het (Johannes 3:3-8).

**Mede-erfgename van Christus**

Dus, waarom is God besig om geestelike kinders te verwek om in Sy geestelike Gesin gebore te word? Omrede Hy Sy skepping wil deel! Paulus verduidelik: As Sy kinders, is ons “erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam

met Hom verheerlik kan word" (Romeine 8:17).

Wat sal God se kinders "erf" met die opstanding? Die geleentheid om Geestelike wesens te wees met nimmereindigende lewe. Ja, ons besit nie die ewige lewe inherent nie, dit is God se geskenk. "Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here" (Romeine 6:23). God se kinders sal ook hulle Vader se "eiendom" erf – die ganse heelal! Soos Paulus verduidelik: "Alle dinge het U onder sy voete gestel. Want in die onderwerping van alle dinge aan hom het Hy niks uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie. Maar nou sien ons nog nie dat **alle dinge** aan hom onderwerp is nie" (Hebreërs 2:8).

Die implikasies van hierdie vers is werklik verbysterend. God bring "baie kinders na die heerlikheid" (vers 10) sodat hulle in Sy hele skepping kan deel en saam met Hom oor die groot heelal kan heers!

**Geen terugkeer?**

Sommige mense glo dat die huwelik in die Westerse wêreld noodlottig geknou is en nooit sal herstel nie. Met haar kommentaarlewering oor 'n opname wat neigings in Amerika openbaar, het professor Stephanie Coontz opgemerk dat daar "onweerlegbare tekens is dat daar **geen terugkeer is** na 'n wêreld waar ons kan aanvaar dat die huwelik die belangrikste instelling is wat mense se lewens reël nie".

Die huwelik **mag inderdaad** in duie stort in die Westerse wêreld. Indien wel, sal ons nasies saam daarmee in duie stort. Gelukkig kan ons verheug wees dat Jesus Christus – na Sy triomfantlike wederkoms as Koning van konings om vrede na die hele wêreld te bring – 'n herlewing vir die huwelik en die gesin sal inlui. Deur die profeet Jesaja voorspel God aangaande Christus se heerskappy wat aan die kom is: "Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek" (Jesaja 11:9).

Die huwelik sal inderdaad 'n hoeksteen word van die samelewing onder die heerskappy van Christus. Mans en hul vrouens sal leer om mekaar lief te hê en te ondersteun, en om hul rolle en verantwoordelikhede teenoor hul Verlosser te vervul. Saam sal hulle hul kinders opvoed "in die tug en vermaning van die Here" (Efesiërs 6:4). Dit sal alles heenwys na hul uiteindelike lotsbestemming – om in die ware Gesin van God gebore te word.

Waarom die huwelik? Vir diegene wat oë het om te sien, is dit geen raaisel nie. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 19 – Bemeester stres*

die bloedstroom, versnelde metabolisme, verhoogde soutretensie en verminderde immuunfunksies.

Ons het motivering nodig om suksesvol te wees in die lewe. Ons benodig gesonde, positiewe stresfaktore om ons lewe aangenaam en interessant te maak. Sekere stresfaktore help ons ook om meer produktief te wees. Sperdatums en belonings vir voltooide take kan ons motiveer. Die geneesheer Jerrold Greenburg verduidelik: "Die doel van stresbestuur is nie om alle stres uit te skakel nie ... Ons doel moet wees om die skadelike gevolge van stres te beperk, terwyl lewenskwaliteit en -krag in stand gehou word" (*Comprehensive Stress Management*, bl. 12).

Kan ons daardie doel bereik? Soos ons gesien het, onthul die Bybel die weg na gemoedsrus en sukses. Ons moet die grootste doel en prioriteit in die lewe kies. Christus sê: "Maar soek **eers** die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word" (Mattheüs 6:33).

U kan die krag van Jesus Christus bekom om u doelwitte te bereik! Onthou: "Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing" (2 Timotheüs 1:7). Onthou die apostel Petrus se vermaning op Pinkster:

*Vervolg op bladsy 26*

# Londen Roep

# Vierhonderd jaar van die King James Bybel

## Deur John Meakin

Die mees invloedryke boek wat nog ooit in Engels geskryf is, gedenk sy 400ste bestaan hierdie jaar! In 1611 het 'n monumentale projek voltooiing bereik, waaraan meer as 50 van Engeland se bekwaamste kenners vir sewe jaar betrokke was – 'n vertaling van die Bybel in die Engelse taal, wat steeds wyd gewaardeer word as 'n meesterstuk van kundigheid en duidelikheid en is werklik 'n prageksemplaar.

Dit was gedoen in opdrag van Koning Jakobus I van Engeland en ons ken dit vandag as die *King James Version* – of die *Authorised Version* – van die Bybel. Streng gesproke, was dit nie 'n "nuwe" vertaling nie, maar daar was gepoog om die heel beste van alle vorige weergawes saam te snoer in wat die vertalers beoog het as "dié een uitnemendste goeie een" – getrou aan die oorspronklike Hebreeuse en Griekse tekste, en geskik vir hardop lees in die kerke.

Ander belangrike vertalings het dit voorafgegaan; veral dié van William Tyndale, wie se vroeëre werk 'n duidelike stempel afgedruk het op die *KJV* teks. Waarom het die KJV dan so invloedryk gebly tot vandag toe? Hoe het hierdie teks – waarvan die taalgebruik selfs van sy ontstaan af as verouderd beskou was – dan so 'n impak gehad op die Engelssprekende wêreld?

**Politieke en Godsdienstige doeleindes**

Vanaf die oorsprong van sy ontstaan in Januarie 1604, is die "*King James*" vertalingsprojek aangepak met beide 'n godsdienstige en 'n politieke doelwit duidelik voor oë. Die nuwe Stuart Koning – Jakobus I van Engeland en Ierland – het dit gesien as 'n slim manier om sy eie posisie te ondersteun as beide die politieke hoof van die staat asook die geestelike hoof van die staatskerk.

Die tye was uiters onstuimig. Protestante van verskeie denkrigtings – Puriteine, Calviniste, Lutherane en Presbiteriane – het met die konings en biskoppe gebots in geskille oor ou monargiese verwagtings en geestelike wêreldbeskouings. Skrywer Adam Nicolson wys daarop dat Koning Jakobus gehoop het 'n nuwe Bybelvertaling sou dien as "'n middel tot vrede, 'n manier waarop die verdeeldhede van die kerk, en die land as 'n geheel, omvat kon word in een verenigende struktuur wat gegrond is op die goddelike gesag van die koning" (*When God Spoke English*, bl. 66).

Nogtans kon dit nouliks gesê word dat vrede en eenheid die wyse waarop dit begin het, karakteriseer. Indien mens die vertaling self 'n triomf kon noem, kon die druk en verspreiding daarvan 'n ramp genoem word. Dit blyk dat daar geen meester manuskrip was om van af te werk nie. Geen geld was opsygesit vir drukwerk nie. Geen dekreet was uitgevaardig om die aanvaarding daarvan af te dwing nie. As gevolg van swak bestuur is toegelaat dat baie agtelosige foute ingesluip het in die gepubliseerde boeke, en die nuwe Bybel was begroet met wat die outeur Derek Wilson beskryf as 'n "dawerende onverskilligheid" (*The People's Bible*: *The Remarkable History of the King James Version*, bl. 121). Dit het gelyk of Koning Jakobus nie omgegee het nie, omdat sy aandag verskuif het na wat hy as meer belangrike sake beskou het.

Die bevolking van Engeland het desondanks stadig maar seker gewoond geraak aan die *KJV*. Dit het hul bewustheid binnegedring, en die soetvloeiende, welluidende bewoording daarvan het in hulle ore weerklink en die werklike struktuur van hul taal binnegedring. Nogtans het nasionale verdeeldheid onder die Engelssprekendes nie verdwyn nie. Ineenverstrengelde politieke en godsdienstige verskille het uiteindelik gelei tot 'n volskaalse Burgeroorlog (1642-1651), wat geëindig het met die ineenstorting van die monargie en die

bevestiging van Oliver Cromwell as Engeland se "*Lord Protector*".

**Herstelling**

Dit was slegs ná Cromwell se dood, toe Engeland se koningshuis herstel is, dat die *KJV* waarlik tot sy reg gekom het. Al daardie eienskappe wat so sorgvuldig in die vertaling ingebou was, het begin om hulle subtiele uitwerking te bewerkstellig. Predikante het geleidelik en stilweg hul kerke se vorige uitgawes van die Bybel begin vervang. Met verloop van tyd, tot in die laaste helfte van die agtiende eeu, is verskeie foute – van vertaal- en veral drukwerk – uitgeskakel. Namate die welluidendheid en die akkuraatheid van die *KJV* meer algemeen waardeer is, het die gebruik van die Engelse taal daarvan 'n standaard gestel vir skrywers en sprekers om na te volg. Selfs die veroudering van die taal was as deel van die *KJV* se krag beskou.

In Brittanje en Amerika het Bybelgenootskappe tot stand gekom om die *KJV* Bybels by die miljoene te druk en te versprei. Namate Brittanje se invloed uitgebrei het, is die *KJV* op die vleuels van die Ryk regoor die wêreld gedra, sodoende is die Engelse kultuur en Bybel-gebaseerde waardes na verre lande versprei. Dit het die lewe en denke van geslagte van sy lesers gevorm en 'n "kragtige simbool van Engelsheid" geword (Wilson, bl. 143).

Omdat die *KJV* die moderne Engelse taal gevorm het, en die Engelse taal die dominante taal van die moderne wêreld geword het, kon mens sê dat die *KJV*, in 'n groot mate ons moderne wêreld gevorm het. Ten spyte van die talle pogings om "verbeterde" Engelse vertalings van die Skrif daar te stel, het geeneen nog heeltemal daarin geslaag om dit te vervang nie.

Trouens, vir sommige het die *KJV* 'n ikoon op sigself geword, en neem dit selfs die plek van die oorspronklike geskrifte in. Hierin lê 'n groot gevaar. Christene erken dat die *oorspronklike manuskripte* van die Skrif onfeilbaar is, en dat dit die gesaghebbende grondslag vir alle geestelike waarheid is. Ons moet egter nie 'n "afgod" van enige *vertaling* maak nie – ons moet nie in die slaggat trap om te dink dat God elke enkele vertaalde woord geïnspireer het net soos Hy die oorspronklike openbaring geïnspireer het nie.

Ons moet ook nie die belangrikheid van die *KJV* geringskat en dit verwerp as 'n blote literêre meesterstuk nie. Selfs die bekende ateïs Richard Dawkins is 'n aanhanger daarvan; hy stel voor dat die *KJV* in skole geleer moet word vir sy literêre en kulturele waarde, terwyl die leerstellings daarvan verwerp moet word (*The God Delusion*, bll. 340-344).

**Reageer op die Waarheid!**

Dit lei tot 'n belangrike les wat ons kan leer op hierdie herdenking. Ons mag 'n *King James Version* Bybel **besit**, en ons mag sy blywende literêre meriete **loof**. **Lees** ons dit egter gereeld? Indien ons dit lees, doen ons dit om **ag te slaan** op sy boodskap? Die Bybel maak aanspraak daarop om die "lewende woorde" van God te wees, in staat om "die oorlegginge en gedagtes van die hart" (Handelinge 7:38; Hebreërs 4:12) te onderskei. Dit sê aan ons ons behoort volgens "elke woord van God" te leef (Lukas 4:4). Vertalings mag die werk van mense wees, maar die Skrif self herinner ons daaraan dat die oorspronklike teks "deur God uitgeasem" is en die "hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (2 Timotheüs 3:16-17). Vertalings van die Bybel – selfs die *KJV* – mag kom en gaan, maar die Bybel se sentrale boodskap sal altyd van krag wees, want dit praat met gesag oor die menslike toestand, en kan tot reg in die hart en gees van elke mens reik.

Daar is 'n bekende spreekwoord wat die *KJV* vertaal as: "*Where there is no vision people perish; but he that keepeth the law, happy is he*" (Spreuke 29:18). Vir diegene van ons wat meer vertroud is met Afrikaans, kan die *Afrikaanse Vertaling* ons help om die logiese verband tussen die twee gedagtes in daardie vers te verstaan: "As daar geen openbaring is nie, word die volk bandeloos; maar hy wat die wet onderhou, gelukkig is hy".

Dit verklaar miskien waarom so baie mense vandag die Bybel verstoot. Dit is God se openbaring aan die mensdom. Wanneer dit gehoorsaam word, bied dit 'n beperking wat sal verseker dat ons gelukkig uit die moeilikheid sal bly, en wat ons die rigting sal aandui volgens God se weë en

ons sal lei. Hoewel baie mense vandag weier om enige leiding aan te neem wat moontlik hulle "lewenswyse kan inperk", gaan 'n liefdevolle God voort om uit te roep: "Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik" (Jesaja 55:7). Sal u ag slaan op God se blywende oproep? WvM

*Vervolg vanaf bladsy 22 – 'n Islamitiese wind*

die nie-gewelddadige verkiesingsroete. Al-Qaeda, soos ons weet, is ten gunste van terreur.

Sal die "Tunisiese Wind" sterker word en dus 'n "Islamitiese Storm" raak? Dit is 'n groot stap om van diktatorskap oor te gaan na Shariawet, en selfs nog 'n groter, gewigtiger stap om van Shariawet na 'n Kalifaat te gaan – maar ondersteuning vir so 'n ontwikkeling is wydverspreid deur die Midde-Ooste. Eise vir demokrasie versprei deur die Midde-Ooste en lei sommiges in die weste om dit te beskou as die wortelskiet van Westerse-styl demokrasie. Ons moet egter onthou, onder Sunni Islam word die Kalifaat gekies. 'n Demokratiese herstel van die Kalifaat mag nou denkbaar wees!

**Die Kalifaat se aanval op Europa**

Baie mense vandag is onbewus van die lang geskiedenis van gewelddadige botsings tussen Europa en die Islamitiese Kalifaat. Na Mohammed se dood in 632 n.C., was Islam, deur verowerings, verspreid oor die Midde-Ooste en Noord-Afrika. In 711 n.C. het die Ummayad Kalifaat begin met sy suksesvolle verowering van Spanje, deur by Gibraltar te land. Verowerde Spanje het bekend geword as al-Andalus. Moslemleërs het noordwaarts gedruk en groot dele van Frankryk verower, totdat hulle uiteindelik in 732 n.C. gestuit is tydens die Veldslag van Tours. Moslems het ook Sicilië en suidelike Italië beset – hulle het Rome geplunder en St. Peter se Basiliek gestroop. Die westelike Kalifaat was eintlik gesetel in Cordoba, Spanje, vanaf 929 n.C. tot 1031 n.C. – dit is waarom Cordoba, onder Moslems, vir baie jare lank 'n simbool van Islamitiese sukses in die Weste was.

In 1492, na eeue van oorlogvoering, is Moslems uiteindelik verdryf uit Granada, Spanje, hul laaste vesting in Rooms-Katolieke Westelike Europa. Die gevegte het nogtans vir eeue lank voortgeduur in Oostelike Europa, waar groot gebiede deur Moslems verower en beset was. Daar was in werklikheid drie aanvalle deur die Turkse Kalifaat teen die setel van die Heilige Romeinse Ryk in Weenen, Oostenryk. Dit was nie voor 1718, met Hongarye se onafhanklikheid van Ottomaanse oorheersing, dat die Kalifaat uiteindelik onttrek het uit Oostelike Europa en só meer as 'n duisend jaar se oorloë *in Europa* beëindig het nie.

Pous Benedik XVI skryf: "Voor die moderne era het die twee helftes van Europa eintlik net een opponent geken wat teengestaan moes word in 'n lewe-of-dood stryd, naamlik die Islamitiese wêreld" (*Europe Today and Tomorrow*, bl. 22). Katolieke Europa se bestaanstryd teen Islamitiese verowering het bygedra tot die algemene identiteit van Europa, omdat dit die Europeërs gehelp het om te dink hulle het 'n gemene lot om die Islamitiese Kalifaat teen te staan, wat vir meer as 'n duisend jaar probeer het om Europa te verower.

Die trauma van daardie oorloë lê diep in die bewussyn van Europa. Indien die Kalifaat weer ingestel word in die Midde-Ooste, behoort dit 'n diepgaande uitwerking te hê op die gemeenskaplike identiteit van die Europeërs. Dit is minder as 300 jaar sedert Europa laas bedreig was deur 'n Moslemse inval – 'n bedreiging wat instrumentaal was tot die vorming van 'n gedeelde Europese identiteit regdeur die Middeleeue. Daar is egter nou weer 'n waarneembare en vermelde bedreiging van Islamiete, noudat Moslemse ekstremiste aandring op 'n "heilige oorlog" en die herinstelling van die Kalifaat. Hassan al-Banna, die stigter van Egipte se Moslemse Broederskap, skryf: "Andalusië [die Moslem naam vir Spanje], Sicilië, die Balkans, suidelike Italië en die eilande in die Romeinse see was almal Islamitiese lande wat teruggebring moet word na die tuisland van Islam ... *dit is ons reg om die Islamitiese Ryk na sy glorie te herstel*" (*Wall Street Journal, "Understanding the Muslim Brotherhood*", Bret Stephens, 15 Februarie 2011, bl. A13).

*Vervolg op bladsy 26*

# Bemeester stres

## Deur Richard F. Ames

**Verander u stres na nood? Wonder u hoe u sal kan voortgaan om by te hou met die druk van die daaglikse lewe en die dolle pas van die wêreld rondom u? U mag dalk sewe kragtige Bybelse strategieë vir die oorwinning van stres, oorweeg. Kan ons as individue In hierdie tyd van oorloë, gevare, krisisse en rampe, vrede vind?**

Hoe opgewasse is u en u gesin teen die uitdagings en spanning van die daaglikse lewe? Volgens die Nasionale Instituut vir Geestesgesondheid, sal 28.8% van volwasse Amerikaners een of ander vorm van angsverwante ongesteldhede in hul leeftyd ervaar. Daar is 'n wye verskeidenheid angsverwante ongesteldhede, insluitende post-traumatiese angsversteuring, obsessief-kompulsiewe versteuring, en spesifieke fobies, om maar 'n paar op te noem.

"Angsverwante ongesteldhede affekteer in 'n gegewe jaar ongeveer 40 miljoen volwasse Amerikaners van 18 jaar en ouer (ongeveer 18%), wat veroorsaak dat hulle angstig en onseker is. Anders as die relatief ligte, kortstondige benoudheid wat veroorsaak word deur 'n stresvolle gebeurtenis (soos om 'n openbare toespraak te lewer of om 'n eerste afspraak na te kom), duur angsversteurings minstens 6 maande en kan vererger sonder behandeling. Angsverwante ongesteldhede kom gewoonlik voor saam met ander geestelike of fisiese siektes, insluitende alkohol of verwante misbruik, wat simptome van angs kan verbloem of wat dit kan vererger" (*Anxiety Disorders*, NIH Publikasie No 09 3879, bl. 1).

In ons tegnologiese 21ste eeu, lyk dit of die tempo van die lewe en intensiteit van aktiwiteite versnel het. Dit is geen wonder dat baie mense uiterste vrees en angs beleef nie. Stres van die alledaagse lewe kan ons ook doodmaak. Ons pendel in druk verkeer, ons gaan om met omgekrapte, redekawelende mense; ons staar finansiële, sosiale, persoonlike asook werkverwante probleme in die gesig. Voeg dan by hierdie spanning ook die angswekkende terreur wat ons stede en nasies bedreig!

Miljoene – selfs miljarde – mense regoor die wêreld ly aan negatiewe stres, angsverwante ongesteldhede en allerhande soorte sielkundige druk. Is u gefrustreerd, senuagtig en angstig? Is u bekommerd oor u toekoms?

Gelukkig het Jesus Christus die goeie nuus van die toekomstige Koninkryk van God verkondig. Hy **sal** Sy Koninkryk vestig en planeet Aarde red van totale vernietiging (Mattheüs 24:22)! Hy verseker ons: "En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom" (Mattheüs 24:14). Dit is goeie nuus en bemoedigend en dit gee ons hoop! Christus waarsku ons ook oor gevaarlike gebeure wat sal kom. "Ons weet dat ... die hele wêreld in die mag van die Bose lê" (1 Johannes 5:19). God sal die nasies oordeel. U kan egter selfs in hierdie moeilike tye vrede hê. In hierdie artikel gaan ons kyk na sewe strategieë om stres te bowe te kom.

### 1. Gaan die toekoms met geloof tegemoet

Christus waarsku ons aangaande groot rampspoedige gebeure teen die einde van hierdie tydperk. Baie mense sal sterf van vrees en stres. Neem kennis: "En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in *hulle* radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en **mense se harte beswyk van vrees** en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word" (Lukas 21:25-26).

Sal u toelaat dat **vrees** u oorweldig? Ons moet die toekoms met geloof tegemoetgaan! Christus Self gee ons hierdie bemoediging: "En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlikheid.

En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is" (Lukas 21:27-28).

Wanneer die eindtydse profesieë begin plaasvind, moet ons toelaat dat stres, angstigheid en fobies ons vermink of selfs doodmaak? Nee! Christus beveel ons: "... kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is". Ja, die tyd van Sy wederkoms kom nader! Ons kan die toekoms met geloof tegemoetgaan!

Christus vermaan ons: "Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:36). Deur die realitiet van ons tyd in die gesig te staar, sal dit ons motiveer om te bid – ter voorbereiding – vir Jesus Christus se naderende Koninkryk wat wêreldvrede sal bring! Is u bedag op profetiese tendense? Dit is nou die tyd om nader aan God te beweeg en Hy sal aan u die gawe van geloof skenk om die eindtyd met vertroue te verduur, nie met vrees nie!

**2. Oefen gereeld**

Indien u **enige** boeke of artikels aangaande gesondheidsbeginsels gelees het, weet u dat gereelde fisiese oefening 'n mens kan verlig van spanning. Ek het persoonlik daardie les jare gelede geleer. Ek het selfs in my persoonlike joernaal geskryf: "**Wanneer depressief**, gaan uit en draf". Ek het gevind dat ek deur oefening ware verligting van spanning en stres ervaar!

Die apostel Paulus vergelyk fisiese oefening met geestelike lewe. "Want die liggaamlike oefening is tot weinig nut, maar die godsaligheid is nuttig vir alles, omdat dit die belofte van die teenwoordige en toekomende lewe het" (1 Timotheüs 4:8). Paulus bedoel dat die godsaligheid en die vrugte daarvan verder sal strek as ons fisiese lewens. Fisiese of liggaamlike oefening **is egter nuttig** vir ons! Die Nuwe vertaling stel dit só: "Om jou liggaam te oefen, het wel 'n bietjie waarde, maar om in toewyding aan God te lewe, het in alle opsigte groot waarde".

God sê ook aan ons om Hom te verheerlik in ons liggaam en gees (1 Korinthiërs 6:20). Verheerlik u God in u liggaam en gees?

In *About.com* som skryfster Elizabeth Scott, 'n paar voordele van fisiese inspanning op: "Oefening kan 'streshormone' soos kortisol verminder en endorfiene vermeerder, u liggaam se 'voel-goed' chemikalieë, wat u gemoed 'n natuurlike hupstoot gee". ("*Exercise and Stress Relief: Using Exercise as a Stress Management Tool, Stress and Exercise: Look Better, Feel Better*").

Ja, navorsing het die voordele van gereelde fisiese oefening bewys. In hierdie tegnologiese tyd raak sommige mense egter verslaaf aan hul tegnologie. Diegene wat by 'n lessenaar, 'n persoonlike rekenaar of in 'n sittende posisie werk, behoort volgens sommige kundiges, vir ten minste tien minute uit elke uur op te staan en 'n breek te neem om weg te kom van hul tegnologie af.

Ons weet dat tegnologie voordele kan inhou, maar kan 'n mens te veel van 'n goeie ding kry? Kan 'n oormaat u ongelukkig maak? Let op hierdie verslag deur navorsers uit Australië en China: "Te veel ure op die Internet deurgebring, kan aanleiding tot depressie gee. Navorsers het simptome van angs en depressie by al die deelnemers gemeet en, om mee te begin, bevind dat diegene wat bevestig het dat hulle aan die Internet verslaaf is, 2.5 keer meer geneig was om depressief te wees as diegene wat nie so gebonde gevoel het aan hul rekenaars nie. Dit was selfs waar van studente wat aan die begin van die studie nie tekens van depressie getoon het nie" ("*Obsessive Internet Use Linked with Depression in Teens*", TIME, 2 Augustus 2010).

Ons benodig goddelike balans in ons lewens. Dit sal tot voordeel wees van ander mense, sowel as vir ons eie gesondheid en welsyn. Baie agentskappe vir gesondheid beveel stap aan as 'n uitstekende vorm van oefening, veral vir senior burgers. Die Bybel gebruik gewoonlik loop [stap of wandel] as beeldspraak vir geestelike lewe. Let daarop dat die apostel Johannes skryf:

"Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het" (1 Johannes 2:6).

Ja, ons behoort die lewe en voorbeeld van Jesus Christus te volg, om te wandel en te leef soos Hy gewandel en geleef het! Ons is fisiese mense, ons moet God verheerlik in ons liggame deur die fisiese wette van blakende gesondheid toe te pas. Dan kan ons meer vrede van gees en liggaam ondervind.

### 3. Maak aanspraak op God se beloftes

Wanneer u te doen het met bekommernis, onthou dat u Bybel 'n skatkis is van God se onfeilbare en wonderlike beloftes. U behoort Bybelse strategieë aan te wend om angs en stres te bemeester.

Die apostel Petrus bemoedig ons kragtig: "Mag genade en vrede vir julle vermeerder word deur die kennis van God en Jesus, onse Here! Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur *sy* heerlikheid en deug, waardeur Hy ons die **grootste en kosbare beloftes** geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is" (2 Petrus 1:2-4).

In die Bybel het God aan ons uitermate groot en kosbare beloftes gegee! Hy het belowe om ons gebede te verhoor (Mattheüs 7:7-8); Hy het belowe om in al ons behoeftes te voorsien (Filippense 4:19); Hy het belowe om ons lewens te lei (Spreuke 3:5-6); Hy het aan ons 'n lang lewe belowe as ons ons vader en moeder eer (Efesiërs 6:2-3); Hy het belowe om aan ons die begeertes van ons hart te gee **indien** ons ons in Hom verlustig (Psalm 37:4-5); Hy het belowe om aan ons gemoedsrus te gee (Filippense 4:6-7); Hy het belowe om aan ons die vermoë te gee om beproewings te verdra (1 Korinthiërs 10:13); Hy het die gawe van die Heilige Gees belowe (Handelinge 2:38; Lukas 11:13); Hy het aan ons die gawe van Sy liefde belowe (Romeine 5:5); asook die ewige lewe (1 Johannes 2:25).

Bestudeer hierdie beloftes in u Bybel. Vra God, in geloof, om hierdie beloftes in u lewe na te kom, dan sal u begin om groter gemoedsrus te hê! Daar is baie meer beloftes in die Bybel vir u en u gesin – vir alle mense. Indien u hierdie beloftes in gebed opeis, kan u stres en angs bemeester.

### 4. Vergewe mekaar

Een van die groot oorsake van stres beïnvloed dikwels ons verhoudings met ander mense. Sommige mense word groot in disfunksionele huise. Hulle is dalk met skuldgevoelens belaai, of koester dalk 'n langtermyn wrok teenoor ander, selfs 'n man en vrou. Indien dit u beskryf, het u al oorweeg om dit te "laat los" en God toe te laat om die situasie te hanteer? Onthou: "Moenie sê: Ek wil die kwaad vergelde nie! Wag op die HERE, dat Hy jou help" (Spreuke 20:22).

Het u al oorweeg om diegene te **vergewe** wat u onderdruk het? Christus het ons geleer om ander mense te vergewe. Onthou die raamwerk vir gebed wat Hy ons geleer het, wat insluit: "... vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe" (Mattheüs 6:12). Het u onlangs iemand vergewe? Vergifnis kan ons selfs help om depressie te oorkom, soos Paul Meier, M.D. geskryf het in sy boek, *Don't Let Jerks Get the Best of You*: "'n Pasiënt kan vir baie jare depressief wees, en dan die een vergewe wat sy onderdrukte woede veroorsaak het en daarna heeltemal herstel van die depressie, omdat sy serotonien natuurlik herstel is en die brein weer in staat is om reg te funksioneer" (bl. 170).

Om ander mense te vergewe kan gemoedsrus meebring. U kan u kommervolle lewe omkeer, en begin om vreugde en geluk te ervaar.

### 5. Bid oor probleme

Is u wat sommige mense 'n "kommerkous" sal noem? Laat u toe dat vrese en bekommernisse emosionele en fisiese stres in u lewe veroorsaak? Die patriarg Job het gesê: "As ek iets vreesliks vrees, kom dit oor my; en die ding waarvoor ek bang is, kom na my toe" (Job 3:25). Job het **verwag** sy vrese sal bewaarheid word. Hy het wat

sommige mense "self-vervullende profesie" noem uitgeoefen. Hy het nie oor sy vrese gebid nie.

U behoort u vrese en bekommernisse te erken en God vir Sy hulp te vra! Oorweeg hierdie eenvoudige dog diepgaande Bybelse strategie: "Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God" (Filippense 4:6). Met ander woorde, deel u bekommernisse, u vrese en u sorge in gebed met God!

**Konfronteer** u u sorge, bekommernisse en vrese? Bid oor **alles** wat u bekommerd maak. Deel u intieme gedagtes met God. Hy ken hulle in elk geval! Let op Paulus se bevel dat u "**met danksegging**" moet bid (vers 6). **Dank** God vir al u seëninge. **Dank** God vir die blote voorreg om te vra vir Sy ingryping en vir oorwinning oor u vrese. Wanneer ons hierdie instruksies volg, wat is die resultaat? "En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus" (vers 7).

Ons betuig ons geloof in God se gewilligheid om ons te help, deur Hom te **dank** wanneer ons ons bekommernisse met Hom deel. Dus, bid oor u probleme. Bid met 'n gesindheid van dankbaarheid. Dank God dat Hy **bereid** is om u te help om u sorge en vrese te bemeester en dat Hy gewillig is om aan u gemoedsrus te gee.

**6. Bly positief**

Hoeveel keer het ek al in tye van spanning aan myself gesê: "Handhaaf 'n positiewe en rustige gees"? Die apostel Paulus het ernstige probleme en groot stres ervaar. Hy skryf: "Vyf maal het ek van die Jode ontvang veertig houe op een na. Drie
maal is ek met stokke geslaan, een maal is ek gestenig, drie maal het ek skipbreuk gely, 'n nag en 'n dag het ek op die diepwater deurgebring" (2 Korinthiërs 11:24-25).

Hoe het Paulus al daardie stres hanteer? Hy het gefokus op die handhawing van 'n positiewe gesindheid! Selfs terwyl hy in die tronk was, het hy bemoedigende briewe aan ander geskryf. Paulus moedig ons aan om aan hierdie onderwerpe te dink: "Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit. En wat julle geleer en ontvang en gehoor en in my gesien het, doen dit, en die God van vrede sal met julle wees" (Filippense 4:8-9).

Dink oor daardie dinge wat **waar** is! Wat is waarheid? Christus het tot die Vader gebid: "Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid". (Johannes 17:17). Die Bybel, God se woord, is **waarheid**. Dink na oor daardie skrif-gedeeltes wat belangrik is vir u. Lees u Bybel. Merk, beklemtoon of onderstreep daardie verse wat spesiaal of belangrik is vir u! Ons **moet** die Bybel lees. Ek moedig u aan om u Bybel elke dag te lees! God se woord sal u inspireer. Dit sal help om u gedagtes en gees te reinig. Soos Jesus sê in Johannes 15:3: "Julle is alreeds rein deur die woord wat Ek tot julle gespreek het".

Waaroor anders behoort u te mediteer? Oorweeg "alles wat lieflik is" (Filippense 4:8). Sommige tye, wanneer ek na 'n teenvoeter soek vir stres, fokus ek op mooi, skilderagtige tonele wat ek tydens my reise gesien het. Ek dink aan die sonsondergange wat ek gesien het, of mere en berge en mooi reënboë. Mediteer oor die positiewe en u **sal** stres verminder!

**7. Stel die regte mikpunte**

Ons het ses maniere oorweeg om stres te verminder. Is **alle** stres dan sleg? Nie noodwendig nie. Endokrinoloog Hans Selye definieer stres as: "... die nie-spesifieke reaksie van die liggaam op enige eis wat daaraan gestel word" (*Stress Without Distress*, bl. 14). Hierdie definisie geld vir "goeie" tipes stres – byvoorbeeld 'n bevordering by die werk – sowel as "slegte" stres, soos om uit te vind dat u tjek geweier is. Beide "goeie" en "slegte" stres is fisiologies dieselfde – dit lei tot verhoogde bloeddruk, versnelde asemhaling, 'n toename in spysverteringsaktiwiteite, 'n toename in suiker en vetsure in

***Vervolg op bladsy 12***

# 'n Islamitiese wind

## Deur Dexter B. Wakefield

Frustrasie, vernedering – dan wanhoop. Mohamed Bouazizi het probeer, om as 'n straatsmous, sy gesin te onderhou, toe Tunisiese polisie sy groentekarretjie en produkte gekonfiskeer het. Hulle het beweer dat hy nie 'n permit gehad het nie. Toe Bouazizi gaan kla, is hy na wat berig word, geklap en verneder deur 'n vroulike munisipale amptenaar. Op 17 Desember 2010 het hy uit protes, homself verbrand in 'n daad van self-opoffering wat aanleiding gegee het tot 'n golf van protes – wat gelei het tot die val van Tunisië se 26-jaar-oue Ben Ali bewind. Dit was die vonk wat 'n verdere reeks proteste regoor die Midde-Ooste laat ontvlam het in wat sommige mense die "Tunisiese Wind" genoem het.

Hoe sal hierdie proteste uiteindelik opgelos word? Sal die "Tunisiese Wind" 'n storm van radikale Islamisme word wat die politieke en maatskaplike landskap van die Midde-Ooste sal verander? Kommentators sukkel om 'n verband te vind, maar min mense besef dat Bybelse profesieë antwoorde bied wat nêrens anders beskikbaar is nie.

Sekulêre ontleders wys herhaaldelik daarop dat niemand die verloop van die gebeure kan voorspel nie, hulle kan slegs 'n raamwerk gee van moontlike opsies. Sommige mense skep moed as hul slegs die geringste aanduiding vind dat vandag se onstabiliteit kan lei tot die vorming van Westerse-styl demokrasieë. Andere verwag weer om te sien dat meer nasies sal terugkeer na diktatorskappe. Byna almal erken nogtans die moontlikheid – en die gevaar – dat meer "Islamitiese" regerings op die horison mag wees.

"Islamitiese" politieke filosofie maak voorspraak vir die bestuur van nasies (en uiteindelik die hele wêreld deur bekering of verowering) deur die eeue-oue Shariawet, gebou op die fondament van die Moslemse heilige boek, die Koran. 'n Handjievol nasies word reeds bestuur deur een of ander vorm van die Shariawet, insluitend Afganistan, Iran, Saoedi-Arabië, Soedan en Jemen. Ander lande soos Egipte, Marokko, Jordanië, Pakistan, Sirië, Katar en die Verenigde Arabiese Emirate, het die Shariawet vermeng met ander stelsels.

Sommige Moslems, veral diegene wat in lande woon waar Islam 'n minderheidsgodsdiens is, bely dat hulle geloof nie van hulle verwag om aan te dring op die instelling van die Shariawet nie. Hulle word gewoonlik bestempel as "gematigdes" in teenstelling met diegene wat ten gunste is van streng Islamitiese wette. Wat ons tans in die Midde-Ooste sien, word deur baie mense beskou as die opkoms van die Islamiete en die wegkwyning van die "gematigde" Moslems.

**'n Lunspen (die spil waarom alles draai) verwyder?**

Met die uitsondering van Israel en Turkye, het die lande van die Midde-Ooste histories outoritêre regerings gehad. Onderdrukking, armoede en korrupsie het voortdurend aanleiding gegee tot verstaanbare ontevredenheid. Nou swiep verandering egter deur die streek. In Februarie 2011, ná drie dekades van outoritêre bewind, was President Hosni Mubarak van Egipte deur sy eie weermag, wat opgetree het met die wydverspreide gewilde steun, uit sy amp gedwing. Soortgelyke onrus het ook versprei na ander lande.

Egipte was die lunspen van die Amerikaanse geopolitiek in die Midde-Ooste, sedert die 1979 Egipte-Israel Vredesverdrag, waarvolgens Israel die Sinaï Skiereiland gebied wat verower was tydens die Sesdaagse Oorlog van 1967, aan Egipte teruggegee het – 'n konflik wat 'n ramp was vir Egipte. In ruil het Egipte ingestem om Israel se reg op bestaan te erken.

In verband met hierdie verdrag, het Amerika ingestem om massiewe finansiële hulp aan Egipte te verleen – in die omgewing van US$1.3 miljard jaarliks, waarvan die meeste na die Egiptiese weermag gegaan het om die opeenvolgende regimes aan bewind te hou. Ons moet onthou dat die heersers van Egipte oor die afgelope halwe eeu – Gamal Abdel Nasser, Anwar Sadat en Hosni Mubarak – almal militêre offisiere was, wat hoofsaaklik deur militêre ondersteuning die mag behou het.

Hierdie verdrag het Egipte toegelaat om Amerikaanse toerusting en wapens te verkry, wat in stand gehou moes word deur Amerikaanse onderdele en

onderhoudskontrakteurs. Egipte kon nie langer bekostig om Israel aan te val nie omdat, tensy Amerika sou voortgaan met sy massiewe befondsing, Egipte se weermag vinnig tot stilstand sou kom, wat dan die Egiptiese heersers se outoritêre beheer oor hul nasie in gevaar sou stel.

Sonder Egipte as 'n potensiële aggressor, is die vooruitsig van 'n Arabiese militêre verowering van Israel baie minder haalbaar. Dus, vir meer as 30 jaar is 'n ongemaklike vrede tussen Egipte en Israel gehandhaaf. Was dit nogtans 'n gewilde vrede? Ons moet onthou dat, as gevolg van sy vredespogings, Egipte se Sadat op 7 Oktober 1981 vermoor is deur 'n groep Islamitiese nasionaliste wat bande het met die Moslem-broederskap.

### Die winde van verandering waai

Die Egiptiese weermag staan nou voor 'n gedugte taak – post-Mubarak moet die skyn van verandering bewaar, terwyl die ou ooreenkoms funksioneel in plek bly. Dit mag baie moeilik wees, in die lig gesien van die winde van Islamisme wat oor die Midde-Ooste waai. Revolusies kan onvoorspelbare gevolge hê, en word dikwels gekoöpteer deur vyandige magte.

Neem maar die geval van Iran in ag. Soos Gerald F. Seib berig in die *Wall Street Journal*: "Dit word nou dikwels vergeet, maar die pad van Iran se rewolusie was nie uit die staanspoor duidelik nie. Aanvanklik was die post-revolusionêre regering gelei deur sekulêre linksgesindes. Dit het maande en 'n nasionale referendum gekos om te beslis of Iran 'n Islamitiese republiek sal wees, en nog langer om 'n Islamitiese grondwet te skryf. Uiteindelik was dit nie tot die aanklag teen sekulêre President Abulhassan Banisadr in 1981, dat die geestelike oorheersing in die Iranse regering duidelik geword het nie" ("*Capital Journal", Wall Street Journal*, 1 Februarie 2011, bl. A8).

Hoe dit ookal sy, Egipte se volgende krisis mag **finansieel** eerder as polities wees. Die weermag is tans stewig in beheer van die land, maar dit beheer nie die internasionale leners wat Egipte staande gehou het nie. Net soos Griekeland, Ierland, Portugal en Spanje, het Egipte ook geld geleen teen 'n nie-volhoubare koers – 7% tot 9% van die BBP – en sy skuld is aan die toeneem. Daar is berig dat Egipte se weermag lenings by Egiptiese banke aangegaan het – lenings wat hulle nie van plan is om ooit terug te betaal nie. *'n Volwaardige krisis van bank- en soewereine skuld mag onafwendbaar wees in Egipte*.

### 'n Trem genaamd demokrasie

Recep Tayyip Erdogan, tans premier van Turkye, was voorheen 'n radikale Islamiet. Hy het een keer gegrap: "Demokrasie is soos 'n trem. Jy ry dit totdat jy by jou bestemming kom en dan klim jy af" *("Moment of Truth for the EU and Turkey", Turkish Daily News,* 10 November 2006). Tans ondersteun Erdogan 'n gematigde Islamisme in Turkye, maar in sy beleid is hy vyandig teenoor Israel en goedgesind teenoor die radikale Iranse leier, Mahmoud Ahmadinejad.

Turkye se aanspraak op volle EU-status word sedert 2006 vertraag. Sedertdien vrees sommige mense dat Erdogan se administrasie sy rug op die weste kan draai en ooswaarts kan kyk. Turkye se weermag was voorheen die bolwerk om die nasie se sekularisme te ondersteun, maar onder Erdogan is die weermag se politieke mag aansienlik verminder.

Dikwels wanneer nasies met 'n Moslem-meerderheid die geleentheid het om demokratiese verkiesings te hou om hulle regering te kies, verkies hulle Islamitiese kandidate – selfs wanneer daardie kandidate teen die einste demokrasie is wat hul verkiesing moontlik gemaak het. In 2006, toe kiesers in die gebiede van die Palestynse Owerheid lede vir die Palestynse Wetgewende Raad moes kies, kon hulle kies tussen die Fatah party, wat Israel se reg om te bestaan erken, en die Hamas party – 'n Islamitiese groep wat heftig gekant bly teen Israel se bestaan. 'n Meerderheid het vir Hamas gestem. Sedertdien het Hamas se steun toegeneem onder die Palestyne, en baie min mense glo dat die organisasie werklik verbind is tot demokrasie. Stemme of nie, word dit aanvaar dat Hamas voort sal gaan om aan te dring op sy agenda vir Islamitiese teokrasie en Shariawet – 'n Kalifaat in die kleine.

### Wat is die Kalifaat?

Die term *Kalifaat* beteken: Die "heerskappy van 'n Kalief" en verwys na die regeringstelsel wat oorspronklik gevestig was onder Islam. Onder die Kalifaat,

is die hoof van die staat die Kalief wat volgens die Islamitiese wet, ook bekend as Sharia, regeer.

Die meerderheid Moslems behoort aan die Sunni-tak van Islam, wat leer dat die hoof van die staat – die Kalief – gekies moet word deur Moslems of hul verteenwoordigers. Aanhangers van die minderheid, die Sjiïtiese-tak, hou egter vol dat die Kalief 'n imam (geestelike leier) moet wees wat 'n direkte afstammeling is van die huishouding van Mohammed.

In historiese praktyk het Kaliefs as 'n reël egter nie aan een van hierdie vereistes voldoen nie. Na die eerste vier Kaliefs wat op Mohammed gevolg het, was daar dikwels twee gelyktydige Kaliefs, wat as hoofde van hul vorstehuise regeer het, nie veel anders as Europese koningshuise nie. Die instelling van die Kalifaat het tot in die 20ste eeu voortgeduur, met die laaste Kalifaat wat in 1924 afgeskaf is deur die sekulêre Turkse Republiek.

Natuurlik, net soos baie "christene in naam" slegs minimaal betrokke is by hul geloof, so is daar ook onder die Moslems 'n breë spektrum van geloof en praktyk. Aan die een uiterste is daar "kulturele Moslems" wat hoofsaaklik sekulêr is en wie se geloof weinig meer is as 'n uitdrukking van hul nasionale of familie tradisies. Aan die ander uiterste is daar militantes wat hoop om soveel moontlik van hul vyande dood te maak voordat hulle self sterf as martelare vir die verspreiding van die Islamitiese teokrasie oor die wêreld. In die middel is miljoene getroue Moslems wat daarna streef om hulle eeue-oue geloof getrou uit te leef, terwyl hulle aanpas by die realiteite van die moderne samelewing.

Dus, watter persentasie Moslems sal die herinstelling van die Kalifaat ondersteun? Onthou, slegs omtrent 315 miljoen Moslems – 20.1% van die wêreld se 1.57 miljard Moslems – woon in die Midde-Ooste. Dit is hierdie Moslems wie se opinies die mees pertinentste is in die huidige krisis – oor die algemeen is hulle meer entoesiasties oor 'n Kalifaat as die gemiddelde Moslem oor die wêreld. Die Pew Navorsingsentrum het onlangs 'n meningsopname gemaak van Moslems se gesindhede in verskeie Moslemlande. Hulle opname, wat vrygestel is op 2 Desember 2010, toon heelwat merkwaardige gesindhede: "Omtrent agt uit tien Moslems in Egipte en Pakistan (82% elk) keur die steniging van mense wat ontug bedryf goed; 70% van Moslems in Jordanië en 56% Nigeriese Moslems deel hierdie siening. Moslems in Pakistan en Egipte ondersteun ook merendeels lyfstraf en die afkap van hande vir misdade soos diefstal en roof; 82% in Pakistan en 77% in Egipte is ook ten gunste van wettiging van hierdie soort straf in hul lande, net soos 65% van Moslems in Nigerië en 58% in Jordanië. Toe hulle gevra is aangaande die doodstraf vir diegene wat die Moslemgeloof verlaat, het minstens 'n driekwart van Moslems, in Jordanië (86%), 84% in Egipte en 76% in Pakistan, gesê hulle is ten gunste van so 'n wet" ("*Muslim Publics Divided on Hamas and Hezbollah*", 2 Desember 2010).

Die Pew studie het ook bevind dat 95% Moslems in Egipte gesê het dat dit goed is vir Islam om 'n groot rol te speel in politiek. 80% het gesê dat dit sleg sal wees vir Islam om 'n klein rol te speel in politiek. Dit is dus geen wonder dat **Moslems dikwels stem vir Islamitiese partye wanneer hulle 'n keuse gegun word nie**.

Wat egter van die herinstelling van die Kalifaat self? 'n Studie deur die Universiteit van Maryland het die volgende berig: "*Droom gemiddelde Moslems oor die Kalifaat regering?* Volgens ontleding van data uit vier Islamitiese lande [wat versamel is deur die Program op Internasionale Beleidsgesindhede] *in 2007, is die antwoord ja.* Verslaggewers van die opname toon aan of hul primêre identifikasie godsdienstig of nasionalisties was, en of ondersteuning van 'n Islamitiese wêreld verenig is onder 'n Kalifaat. Ondersteuning onder Moslem en nasionale identiteite is beduidend (77% en 67% onderskeidelik)" *("Support for the Caliphate and Radical Mobilization", START Research Brief,* Januarie 2008).

Hierdie studie het bevind dat aansienlike meerderhede Moslems in die vier lande waar opnames gemaak is – Indonesië, Pakistan, Egipte en Marokko – die herinstelling van die Kalifaat ondersteun het! Van diegene wie se menings opgeneem is, is tussen 54% en 87% ten gunste daarvan. Daar moet natuurlik kennis geneem word dat Islamitiese groepe grootliks verskil oor hoe om hierdie doelwit te bereik. Byvoorbeeld, Indonesië se Hisbut Tahrir is ten gunste van

***Vervolg op bladsy 15***

# Vrae & Antwoorde

**VRAAG:** In die boek van Job lees ons: "Maar dit is die Gees in die mens en die asem van die Almagtige wat hulle verstandig maak" (Job 32:8). Later in die hoofstuk, sê Job: "... die gees in my binneste dring my" (vers 18). Verwys hierdie Ou-Testamentiese gedeeltes na God se Heilige Gees, of na 'n "onsterflike siel" binne-in menslike wesens?

**ANTWOORD**: Die antwoord is – **nie een van die twee nie**! Desnieteenstaande is daar 'n "gees" in alle mense. Ons lees in die Skrif: "Die HERE spreek, wat die hemele uitsprei en die aarde grondves en die gees van die mens in sy binneste formeer" (Sagaria 12:1). Die meeste belydende Christene glo dat hierdie gees 'n "onsterflike siel" is wat in ons woon en ons verlaat as ons sterf. Hierdie idee kom egter nie uit die Bybel nie, maar van die ou Egiptenare. Ons het dit via die Grieke ontvang wat dié konsep heel eerste gewild gemaak het deur die geskrifte van Plato.

Jesus, daarenteen, het verduidelik dat 'n "siel" (Grieks *soma*, en Hebreeus *nephesh*, verwys na fisiese lewe en nie na 'n geestelike essensie nie) vernietig kan word (Mattheüs 10:28)! Esegiël het gesê: "... die siel wat sondig, dié moet sterwe" (Esegiël 18:4, 20). So sien ons dus dat die "siel" nie onvernietigbaar is nie. "Want die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie" (Prediker 9:5). Die dooies het geen bewustheid nie. Dit beteken dat aangesien geen een, behalwe Jesus Christus, nog uit die dood tot onsterflikheid opgewek is nie, daar tans geen sondaars in die hel brand nie, ook is daar geen ontliggaamde geeste wat in die hemel sweef, in afwagting om met hul liggame herenig te word nie.

Net so terloops, wat presies is "Hel"? In u Engelstalige Bybel is twee van die woorde wat vertaal is as "hel", die Griekse woord *hades* en die Hebreeuse woord *sheol* – beide van hulle beteken eenvoudig "graf" of "gat". Behalwe slegs Jesus Christus, wag almal wat gesterf het op die opstanding, soos wat die Skrif dikwels "slaap" noem – 'n metafoor vir onbewustheid. Hulle is in *hades* of *sheol* – in die "hel" – maar dit beteken nie 'n bewuste toestand van lyding nie; dit is bloot 'n beskrywing van hul lewelose staat in die graf terwyl hulle wag vir die opstanding.

Tydens sy skepping het Adam 'n "lewende siel" geword (Genesis 2:7). 'n Mens **het** nie 'n siel nie. 'n Mens **is** 'n "siel". Wat is dan hierdie "gees" wat in elke mens is – en wat is die doel daarvan?

Die patriarg Job sê: "Maar dit is die Gees in die mens en die asem van die Almagtige wat hulle verstandig maak" (Job 32:8). Toe God Adam en Eva geskape het, het Hy aan hulle die asem van die lewe gegee, en ook 'n nie-fisiese element in hul brein geplaas. Hierdie geestelike wese, gekombineer met die fisiese brein, maak die menslike intellek moontlik – die mens se vermoë om te dink, te redeneer, te beplan en te skep. God het nie hierdie vermoëns aan diere gegee nie, hulle is heeltemal afhanklik van instink. Diere het wat in Hebreeus *ruach* genoem word – die asem van die lewe, wat aan hul andersins lewelose liggame lewe gee – maar hulle het nie die spesiale lewegewende krag wat God net aan die mens gegee het nie.

Eweneens, net soos geen dier die dinge van die mens kan weet nie, kan geen mens na behore die geestelik geopenbaarde dinge van God verstaan nie, tensy hulle 'n spesiale geestelike element ontvang het. Die Bybel openbaar dat die mens geskape is om 'n ander geestelike element nodig te hê – die Heilige Gees van God – wat met die menslike gees saamwerk in die verstand. "Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God" (1 Korinthiërs 2:11).

Anders as die gees van die mens, wat onderworpe kan wees aan die vleeslike en misleidende "uitsendings" van Satan die duiwel, die owerste van die mag van die lug (Efesiërs 2:2), laat die Heilige Gees sterflike mense toe om toegang te hê tot die ware aard van God. Deur God se plan van verlossing, kan mense die Heilige Gees van God ontvang (Handelinge 2:38; Johannes 7:38-39), wat by die menslike gees gevoeg word. Ons word geestelik "verwek" deur God wanneer ons die Heilige Gees ontvang. Die menslike gees in die mens en die Heilige Gees van God verenig om 'n geestelik-verwekte kind van God (1 Petrus 1:3; Romeine 8:14-17), te maak, net soos die manlike spermsel en die vroulike ovum saamsmelt om 'n verwekte (maar nog nie gereed om gebore te word nie) mens te vorm. Ons groei dan geestelik reg deur ons lewe, totdat ons weer gebore word in die opstanding en aansluit by die Godgesin as goddelike wesens wat geheel en al uit gees bestaan. WvM

# Profesie neem

## Die ware Evangelie word verkondig!

Die meeste belydende Christelike kerke vandag glo dat hulle die opdrag van Jesus volg, nl. "Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom" (Markus 16:15). Baie opregte pogings wat goed klink is al aangewend om 'n boodskap te verkondig dat God lief is vir almal, Jesus gesterf het om sondaars te red en dat deur die aanvaarding van Jesus as u Verlosser, u hemel toe sal gaan. Wat die meeste belydende Christene egter nie besef nie, is dat hulle 'n **ander** evangelie aanvaar het as dié een wat Jesus en die Apostels verkondig het!

Bybelprofesieë onthul dat die evangelie van Jesus verontreinig sal word, dat die wêreld mislei sal word om 'n vals evangelie te glo, maar dat die ware Evangelie weer hervestig en verkondig sal word net voor die wederkoms van Jesus Christus. Daardie profesieë is vandag besig om gestalte aan te neem!

### Die ware Evangelie

Dit is insiggewend om die evangelie wat Jesus verkondig het, te vergelyk met die evangelie wat deesdae in die meeste kerke verkondig word. Jesus het nie rondgegaan en mense gevra om "hulle harte aan die Here te gee" en 'n kort gebed te doen, sodat hulle gered kan word nie.

Baie Skrifgedeeltes vermeld eenvoudig die duidelike boodskap dat "Jesus in Galiléa gekom en die **evangelie van die koninkryk van God verkondig** [het], en gesê ... die **koninkryk van God** het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie" (Markus 1:14-15). In die boek van Mattheüs verwys Jesus slegs drie keer na Sy komende dood en opstanding, tog verwys Hy **meer as 30 keer** na die toekomstige koninkryk van God! Markus en Lukas vermeld 'n soortgelyke beklemtoning. Toe Jesus Sy dissipels aangestel het, het "Hy ... hulle uitgestuur om die koninkryk van God te verkondig" (Lukas 9:2). Jesus het die mense geleer dat diegene wat hul bekeer het en dan nederig en leerbaar word, "die grootste in die koninkryk van die hemele" sal wees (Mattheüs 18:1-5). Jesus het die Apostels belowe dat hulle in die toekomstige Koninkryk "op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel" (Mattheüs 19:23-30). Toe Christus na Sy opstanding aan Sy dissipels verskyn het, was die koninkryk van God die hoofonderwerp wat bespreek was (Handelinge 1:1-7).

Die Apostels het dieselfde boodskap uitgedra. Toe Philippus na Samaria gegaan het, het hy "die evangelie aangaande die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus verkondig" (Handelinge 8:12). Aan die einde van sy bediening het Paulus nog steeds "die koninkryk van God gepreek en onderrig gegee ... aangaande die Here Jesus Christus" (Handelinge 28:23,31). Die apostel Johannes het verduidelik dat gelowiges gedurende die Millennium "konings en priesters vir onse God" sal wees, en saam met Christus as "konings op die aarde" sal heers (Openbaring 1:4-8, 5:10, 20:4-6). Die Bybel sê, afgesien van Jesus, het "niemand ... opgevaar in die hemel nie" (Johannes 3:13), nie eens koning Dawid nie (Handelinge 2:29-34, 13:36). Dus moet ons vra: Wat het geword van die boodskap wat Jesus en Sy Apostels verkondig het?

### 'n Ander Evangelie

Jesus waarsku ons: "Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom" (Mattheüs 7:15-19). Hy voorspel aangaande die eindtyd: "... baie sal onder my Naam kom ... en hulle sal baie mense mislei" (Mattheüs 24:3-5,11). Die apostel Paulus waarsku die ouderlinge in Efese: "Want ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie. Ja, uit julle self sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan" (Handelinge 20:28-31). Paulus waarsku die Korinthiërs om nie mislei te word deur mense wat "'n ander Jesus ...'n ander gees ... 'n ander evangelie" verkondig nie (2 Korinthiërs 11:1-4). Tog is al met die korrupsie van die ware Evangelie begin tydens die dae van die Apostels!

In 'n brief aan die broeders in Galasië, geskryf ongeveer 52 n.C. sê Paulus: "Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, na 'n ander evangelie toe, terwyl daar geen ander is nie; behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring en die evangelie van Christus wil verdraai" (Galasiërs 1:6-7). In

# gestalte aan

hierdie geval, het valse leraars daarop aangedring dat 'n man besny moes word om 'n Christen te kan word – wat nie waar was nie (Galasiërs 2:3-5, 5:1-15). In hierdie hoofstukke verduidelik Paulus dat niemand geregverdig word deur die uitvoering van ritualistiese wassings en ander verwante seremonies wat die Joodse godsdienstige gemeenskap voortdurend gedoen het nie.

Ongelukkig het valse leraars later Paulus se woorde verdraai tot 'n valse leerstelling dat Christene nie meer nodig het om die Tien Gebooie te gehoorsaam of om die Bybelse Sabbat of Heilige Dae te onderhou nie. Onthou, Jesus het die gebooie, die Sabbat en Heilige Dae onderhou en ons geleer om dit ook te doen (Mattheüs 19:16-22; Johannes 14:15; Lukas 2:41-42, 4:16; Johannes 7:8-10). Sy dissipels het Hom nagevolg en dieselfde dinge geleer (sien Handelinge 13:42-44, 17:2, 18:21; Romeine 2:13; 1 Korinthiërs 5:8).

In teenstelling met wat baie mense deesdae glo en verkondig, is die ware evangelie wat Jesus en Sy Apostels verkondig het, in die vroeë eeue na Christus verontreinig en vervang met 'n valse evangelie wat vandag deurgaan as "hoofstroom Christelikheid" – 'n verdraaide weergawe van die ware Evangelie waarin baie nie-Christelike idees opgeneem is. Sommige mense mag dit skokkend vind, maar dit is nie 'n ongegronde of onverantwoordelike bewering nie. Die *Encyclopaedia Britannica* maak hierdie onthullende stelling: "... oorgeplant in die Griekse wêreldbeskouing, was die Christelike leerstelling onvermydelik aangepas – inderdaad getransformeer ... Messiaanse verwagtings is vergeet ... die idee van die koninkryk van Christus op aarde ... het bykans verdwyn, en het slegs behoue gebly as die geloof van onbekende groepe ... die weg van verlossing is verander, so ook die begrip van verlossing ... veral nadat die Romeinse Ryk verlossende Christelikheid aangeneem het ... verlossing was voortaan nie meer die neerdaling van die Nuwe Jerusalem uit die hemel nie, maar die opvaarding van die heiliges na die hemel, vir die individu is dit nie die opstanding van die fisiese liggaam nie, maar die onsterflikheid van die siel" ("*Christianity*", 11de uitgawe).

Historikus Edward Gibbon maak 'n soortgelyke waarneming. Hy skryf dat die leerstelling van die millennium – die aardse heerskappy van Christus en die heiliges in die koninkryk van God – noukeurig verkondig is deur die teoloë van die vroeëre Kerk en "blyk die heersende sentiment van die ortodokse gelowiges te wees" – nogtans is daar met hierdie fundamentele leerstelling weggedoen (*The Decline and Fall of the Roman Empire*, hoofstuk 15). Hy sê: "Die leerstelling van Christus se heerskappy op die aarde was eers behandel as 'n diepsinnige versinnebeelding, algaande beskou as 'n twyfelagtige en nuttelose mening, en uiteindelik verwerp as die absurde uitvindsel van dwaalleer en dweepsug" (*ibid*.). *Dit is wat gebeur het met die ware Evangelie!* Gibbon skryf ook dat die vroeëre Kerk "die wet van Moses met die leer van Christus verenig het ... die onsterflikheid van die siel verwerp het as 'n mening wat geen geldigheid uit die heilige boek ontleen nie" en heidense gebruike soos die Saturnalia verafsku – wat nou gevier word as Kersfees (*ibid*.) – nogtans word dit nou beskou as basiese beginsels van hoofstroom Christelikheid!

Die Bybel onthul dat verskeie belangrike dinge sal gebeur net voor die einde van hierdie tydperk. Dit is betekenisvol dat Jesus gesê het die verkondiging van die ware Evangelie sal die pad voorberei vir Sy wederkoms. Hy profeteer: "En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom" (Mattheüs 24:14). Die tydskrif wat u nou in u hande hou is deel van daardie voortgesette getuienis – 'n getuienis wat vir meer as 'n halwe eeu die ware Evangelie aan miljoene mense regoor die wêreld in die gedrukte media verkondig. Die *Tomorrow's World* se beeldsendings en die www.TomorrowsWorld.org of www.wvm.co.za webwerf is ook sleutelaspekte van die geprofeteerde getuienis. Om meer oor hierdie belangrike onderwerp uit te vind, vra asseblief vir ons gratis boekie: *Glo u die ware Evangelie*? Hierdie belangrike profesieë is tans besig om gestalte aan te neem!

***—Douglas S. Winnail***

*Vervolg vanaf bladsy 12 – Bemeester stres*

"Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang" (Handelinge 2:38).

Miljoene mense reg oor die hele wêreld ly aan ernstige stres- en angsverwante ongesteldhede. **U** kan egter stres bemeester. Dank God vir Sy uitermate groot en kosbare beloftes **–** pas hierdie strategieë toe vir die bemeestering van stres! WvM

*Vervolg vanaf bladsy 15 – 'n Islamitiese wind*

Indien die Islamitiese Kalifaat herstel word, sal dit 'n diepgaande uitwerking op Europa hê. *Die godsdienstige winde wat waai oor die Midde-Ooste, kan ook oor Europa waai!*

**Te midde van profetiese tye**

God het voorspel dat, in die jare net voor Christus se wederkoms, die Jode na Jerusalem en Judea sal terugkeer, waar hulle teengestaan sal word deur die omliggende nasies. "In dié dag sal Ek die stamhoofde van Juda maak soos 'n pan met vuur onder 'n hoop hout en soos 'n brandende fakkel onder gerwe – hulle sal regs en links al die volke rondom verteer; maar Jerusalem sal nog bewoond wees op sy plek in Jerusalem" (Sagaria 12:6). Hierdie merkwaardige profesie is in onlangse jare voor ons oë vervul.

Die Bybel onthul dat later gedurende hierdie selfde tyd, 'n groot godsdienstig-politieke mag sal verrys, as 'n herlewing van die Heilige Romeinse Ryk – dieselfde ryk wat vir meer as 'n duisend jaar, bedreig was deur aanvalle van die Kalifaat. Hierdie herlewing sal 'n bondgenootskap van tien nasies of groepe nasies wees, waarvan party sterk en ander swak sal wees (Daniël 2:31-46). Hierdie mag sal betrokke wees in 'n verdrag wat die Jode sal toelaat om weer hul offers op die Tempelberg te hervat (Daniël 9:27, 11:32; 2 Thessalonicense 2:4). So 'n herlewing van Joodse gebruike sal die Moslemse teenstanders tot optrede skok, maar voorbereidings vir daardie offers word egter reeds tans gedoen deur Ortodokse Jode wat bekend is met die antieke rituele.

Bybelse profesieë onthul ook dat 'n mag sal verrys, suid van Jerusalem – wat hierdie magtige "koning van die noorde" sal teenstaan of hom sal uitdaag. Die noordelike mag sal die "koning van die suide" verslaan en in die proses Jerusalem oorstroom en beset (Daniël 11:40-45). Uiteindelik, wanneer die offers op die Tempelberg gestop word, sal die geprofeteerde "Groot Verdrukking" begin – wat 'n hoogtepunt sal bereik met die wederkoms van die Messias, Jesus Christus!

Die Bybel gee 'n konteks wat die sekulêre wêreld nie in staat is om te begryp nie. Die God van Abraham, Isak en Jakob sê: "Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; *Ek* is God, en daar is niemand soos Ek nie; **wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie**; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen" (Jesaja 46:9-10). Hierdie God het baie te sê oor wat in die Midde-Ooste gaan gebeur **–** dus, wie kan bekostig om dit te ignoreer? Indien ons glo wat God sê, kan ons die huidige gebeure in die konteks van Bybelse profesieë verstaan en voorbereid wees wanneer eindtydse gebeure binnekort sal voortstu tot hul geprofeteerde klimaks. Is **u** gereed? WvM

*Vervolg vanaf bladsy 7 – Die Groot Opdrag*

God nie en is dit nie God se ware Kerk nie.

Gaan u kerk "die hele wêreld" in om die Evangelie van die Koninkryk van God te verkondig? Dit is wat Christus Sy Kerk beveel het om te doen. Die Bybel toon aan ons hoe dit gedoen was. Dit was nie dat individuele Christene 'n subjektiewe inspirasie gevoel het en besluit het om van hulself "predikers" of "leraars" of "evangeliste" te maak nie. Mense was eerder gekies en verorden deur die bestaande leierskap van die Kerk, en was uitgestuur om spesifieke take uit

te voer (Lukas 10:1). God se Kerk is georganiseerd (Efesiërs 4:11).

Dus, indien 'n kerk onder leiding staan van iemand wat "homself verorden" het, kan u seker wees dat dit nie God se ware Kerk is nie, en ook nie besig is met die uitvoering van die Groot Opdrag nie. Dit is egter nie genoeg dat 'n leraar geldig verorden is nie. Gaan sy kerk regtig "die hele wêreld in" om die Evangelie te verkondig? Vandag is daar talle "bedienings" wat 'n webwerf het, of traktate uitdeel in hul gemeenskap, en dink dat dit voldoen aan hul verpligting om "die hele wêreld in" te gaan. Hoewel God aan ons sê dat Sy Kerk 'n "klein kuddetjie" is (Lukas 12:32), het Hy belowe dat die magte van Satan se wêreld dit nie sal oorweldig nie. Indien 'n kerk nie 'n aansienlike gedeelte van sy hulpbronne bestee aan die verkondiging van die ware Evangelie oor die wêreld nie, is dit nie besig met die uitvoering van die Groot Opdrag nie, en kan u seker wees dit is nie God se ware Kerk nie.

Selfs al sou 'n kerk besig wees om die Evangelie in die hele wêreld te verkondig, is daar nog een toets wat u kan uitvoer. Wat sê God is die doel agter die verkondiging van die Evangelie aan die wêreld? Let op: "En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld **tot 'n getuienis vir al die nasies**, en dan sal die einde kom" (Mattheüs 24:14). Die Evangelie moet verkondig word, **nie** as 'n "siel-werwende" kruistog nie, maar liewer as 'n getuie aan 'n wêreld wat grootliks daardie boodskap verwerp! God probeer nie om "die wêreld nou, hierdie tyd, te red", soos wat die meeste belydende Christelike kerke verkeerdelik glo nie. Ja, God sal 'n relatief klein groepie mense nou, in hierdie tydperk, tot redding roep as Sy "eerstelinge", maar die primêre fokus van die Groot Opdrag is op Jesus Christus se waarskuwende boodskap.

God se waarheid, soos geopenbaar in u Bybel, kan duidelik gesien word deur diegene vir wie Hy roep, maar die grootste deel van die wêreld bly vandag blind. Diegene wat verblind is kan net "soek" na die "kerk van hul keuse". Wanneer God egter mense se oë open, kan hulle self sien waar Sy Waarheid verkondig word, en hulle wil dan deel word van daardie poging om te help om die Groot Opdrag wat Jesus Christus aan Sy dissipels gegee het, uit te voer. Indien u oë oopgemaak word vir die Waarheid wat in hierdie tydskrif, op die *Tomorrow's World* TV-uitsendings en by die www.TomorrowsWorld.org of www.wvm.co.za Webtuistes verkondig word, dan mag God besig wees om u in Sy ware Kerk in te roep. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

die hemel beslis aangedui dat Hy aan ons liefdevolle **tugtiging** moet gee om ons terug te bring na Hom toe. God het ons voorvaders gewaarsku dat, indien ons mense sou afdwaal en begin om "verderflik [te] handel" en om "[te] doen wat verkeerd is" in Sy oë, dan sal Hy ingryp om ons tot ons sinne te **skud** (Deuteronomium 4:23-25). God sê: "... dan neem ek vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle dat julle sekerlik gou uit die land sal vergaan waarheen julle oor die Jordaan trek om dit in besit te neem; julle sal die dae daarin nie verleng nie, maar sekerlik verdelg word. En die HERE sal julle onder die volke verstrooi, en 'n klein klompie van julle sal onder die nasies oorbly waarheen die HERE julle sal drywe" (verse 26-27). God sê van ons sal net 'n "klein klompie" oorbly en ons sal heeltemal afgodedienaars word, totdat ons werklik verootmoedig is en begin om Hom te "soek" met ons hele hart (verse 28-29).

Wanneer sal al hierdie dinge dan plaasvind? "As jy in die nood is en al hierdie dinge aan die **einde van die dae** oor jou kom, sal jy na die HERE jou God terugkeer en na sy stem luister" (vers 30).

Ons is sekerlik nou in hierdie "laaste dae"! Ons is nou in staat om alle menslike lewe op hierdie planeet te **vernietig**, soos Jesus voorspel het in Mattheüs 24. Ons is nou uiters korrup, net soos die apostel Paulus in 2 Timótheüs 3:1-5 voorspel het vir die eindtyd:

"MAAR weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom" (vers 1). Dit lyk dus of 'n aantal faktore nou begin saamval om die finale verootmoediging en tugtiging oor ons volke te bring. In 'n "tweeledige" profesie – van toepassing voor Israel se eerste ballingskap en nou weer teen die eindtyd – sê God: "En as julle dan nog nie na My luister nie, sal Ek voortgaan om julle sewevoudig weens julle sondes te tugtig. En Ek sal julle trotse mag verbreek, en sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper" (Levitikus 26:18-19).

Dit is een rede vir die bestaan van hierdie tydskrif. Ons wil al ons lesers waarsku aangaande die gevare wat voorlê, en om diegene te help wat God roep om volgens Sy weg te leef en om in hul eie lewens die oorspronklike Christenskap van Jesus en Sy Apostels terug te win – die enigste ware Christenskap en die *Weg* wat seëninge en vreugde sal bring, selfs te midde van ons wêreld vol beroeringe.

Ons by die *Wêreld van Môre* doen ons bes om, met God se hulp, die "Werk" te doen wat Jesus Christus ons beveel het. Lees gerus my artikel elders in hierdie tydskrif om meer te leer oor wat die Werk behels. Hierdie "Werk" om God se boodskap deur middel van hierdie tydskrif en die *Tomorrow's World* se TV-programme te verkondig, word nou deur God gebruik om die wêreld te waarsku, en om u te waarsku en te help – indien u bereid is om te luister. Ons word deur God gebruik om die weg te help voorberei vir die komende Koninkryk van God op hierdie aarde, wat alleenlik ware vrede en vreugde sal bring. Die ware God waarsku die misleide nasies (Openbaring 12:9) van hierdie wêreld: "Aanskou onder die nasies en merk op, en staan verstom, verstom; want Ek gaan iets in julle dae doen wat julle nie sal glo as dit vertel word nie" (Habakuk 1:5).

Vir u eie onthalwe en oorlewing bid ek dat duisende van u, liewe lesers, met 'n oop gemoed sal **studeer** en **bewys** wat God op hierdie oomblik aan u sê en dat sommige van u bereid sal wees om te handel volgens die Waarheid van God terwyl u die geleentheid het. Hoe meer u opreg na "God soek", hoe meer u bid en betrokke raak in hierdie ware eindtydse Werk wat Jesus Christus nou besig is om te doen, hoe meer sal u die opdrag, "maak vir julle skatte bymekaar in die hemel", kan vervul (Mattheüs 6:19-21).

Die apostel Judas was geïnspireer om te skryf: "Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is" (Judas 3). Let daarop dat die ware geloof reeds "eenmaal" aan die heiliges oorgelewer is. Dit **mag nie** verander, verdraai, mee weggedoen, afgewater of mee gepeuter word nie. Judas skryf verder: "Want sekere mense het ingesluip wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, goddelose mense wat die genade van onse God verander in ongebondenheid en die enigste Heerser, God, en onse Here Jesus Christus verloën" (vers 4). Bose mense was in staat om tydens die Donker Middeleeue die hele **lewenswyse**, soos aan ons oorgelewer deur Christus en die Apostels, te verander en te verdraai.

Amerika, Kanada en ander volke van Britse afkoms sal nie bly voortbestaan soos ons hulle ken nie, *tensy* daar 'n diepgaande verandering kom in ons karakter – 'n nasionale **berou tot bekering** en 'n terugkeer na die **weg** van God. Elkeen van ons kan egter individueel geseën en beskerm word gedurende die traumatiese tye wat voorlê, **indien** ons bereid is om te lewe volgens die *Weg* wat Jesus Christus ons geleer het, om te veg – om "kragtig te stry" – vir die geloof wat "eenmaal" aan die heiliges oorgelewer is.

